# HOOFSTUK III.

## DIE ENGELSE „PUBLIC SCHOOL"

In die vorige hoofstuk is ŉ poging aangewend om ŉ beeld te skep van die opvoeding van die kind binne die verband van sy huisgesin met die skool as instelling wat uit nood in die lewe geroep is om ŉ deel van die ouer se opvoedingstaak oor te neem toe die huisgesin die hele taak nie langer selfstandig na behore kon behartig nie. Die kind staan in daardie instellings egter nog onder beheer en toesig van die ouer behalwe vir daardie tye wanneer hy in die skool is, sodat die huisgesin nog normaalweg kan fungeer as opvoedingsinstelling saam met die skool wat komplementêre werk verrig.

Sekere ontwikkelings in ons land het egter later tot gevolg gehad dat die ouers die kinders by die skool moes laat loseer in koshuise wat vir dié doel opgerig is, omdat dit nie prakties moontlik was om voorsiening te maak vir doeltreffende onderwysfasiliteite binne bereik van die ouerhuis nie. Hierdeur is ŉ nuwe situasie geskep, veral met betrekking tot die kind se opvoeding, want alhoewel die koshuis doeltreffende voorsiening maak vir die fisiese versorging van die kind by wyse van behuising, voeding, e.s.m., moes die ouer in baie groot mate afstand doen van daardie deel van die aktiewe opvoeding van die kind wat hy op daardie stadium nog kon behartig. Waar die ouer voorheen die kind gedeeltelik en aanvullend in die skool „laat opvoed" het, moet hy dit nou feitlik geheel-en-al deur die skool laat doen, en daarmee beland ons in die probleem van kosskoolopvoeding.

Dit is baie duidelik dat hierdie nuwe situasie met omsigtigheid gehanteer moet word, want in daardie mate wat die ouer sy taak nie aan die skool oordra nie, of wat die skool dit nie van hom oorneem nie, in daardie mate minstens sal die kind se opvoeding dit ontgeld. Daarby moet die opvoeding nou onder vreemde en, in vergelyking met die huisgesin, onnatuurlike omstandighede geskied, wat ook nie sonder sy prisipiële en praktiese implikasies is nie.

ling geraak, nl. die „Public School"-stelsel wat al eeue lank die hele opvoeding van kinders namens die ouers behartig, en lê dit voor die hand dat daar veel lering te put sal wees uit die ervaring van daardie skole. Daarby is daar sterk aanduidings dat ten minste die Transvaal die idee van kosskole dáár gekry het[1], en om hierdie redes word die „Public School"-stelsel nou in hierdie hoofstuk onder die soeklig geplaas deur eers sy wording en wordingsgeskiedenis na te gaan om daarna ondersoek na sy praktyk t.o.v. struktuur, organisasie, inhoud en metode in te stel in 'n poging om deur te dring na die kern en wese daarvan.

Voordat daartoe oorgegaan word, is dit ter wille van die goeie begrip van wat gaan volg egter nodig om hier te verklaar dat waar daar voortaan na „Public Schools" verwys word, dit ook betrekking kan hê (en dikwels het) op sodanige skole in Suid-Afrika (hoofsaaklik stigtings van die Anglikaanse kerk), aangesien daar etlikes van hulle hier bestaan soos Diocesan College, Kingswood College, St. Andrew's College, (Grahamstad en Bloemfontein), Michael House en Hilton College. Volgens Stiglingh[2] het Biskop Gray (die eerste Anglikaanse biskop in Suid-Afrika) skaars 'n maand na sy aankoms in Februarie 1848 die aanvoorwerk gedoen wat uitgeloop het op die stigting van Diocesan College. As model vir die stigting is Radley, 'n „Public School" in Engeland, deur Gray aanbeveel en „the mere fact that Radley, a Public School, was to be taken as model is indication enough that the Diocesan College was to be run on the same lines as the English Public Schools and that the Foundation of the Diocesan College was but the continuation of the Public School tradition -- this time however at the Southern point of Africa. The nature of the school's foudation, its growth and expansion bear out this fact beyond any doubt".[3]

---

1. Kyk bl. 158.
2. Stiglingh, F.J.: A comparative study of the Public Schools of England and the Anglican Church schools in the Cape Province, 79.
3. Ibid, 81.

Dan voer hy talle bewysredes aan om sy stelling te staaf dat hierdie skool, en ander stigtings van die Anglikaanse kerk, (sy ondersoek was beperk tot hierdie stigtings) tipiese „Public Schools" is ook wat hul Britsheid betref, want, sê hy, „the British Spirit is kept alive in the schools and although it may not be intentional, it is nevertheless real"[1].

Waar dit dan die geval is, word hierdie skole vir die doeleindes van die uiteensetting wat gaan volg, as identies met die „Public Schools" in Engeland beskou, en so moet die titel van hierdie hoofstuk ook verstaan word.

A. <u>DIE PLEK VAN DIE „PUBLIC SCHOOL" IN DIE ENGELSE MIDDELBARE ONDERWYS.</u>

In Engeland bestaan daar hoofsaaklik drie soorte staatskole wat onderwys op die sekondêre vlak voorsien, nl. die suiwer akademiese skool (die sg. „Grammar School"), die middelbare moderne skool en die middelbare tegniese skool[2] wat almal onder toesig van die „Board of Education" staan. Benewens hulle is daar nog die onafhanklike kosskole, of, soos hulle algemeen bekend staan, die „Public Schools".

Volgens Basson[3] is die sosiale faktor, nl. die maatskaplike leefwyse, fundamenteel vir die Britse onderwysstelsel en die sosiale standestruktuur, die werker-, middel- en hoër stande, word dan ook weerspieël in dié opsig dat die „Public Schools" eintlik die skole vir die hoër stande wat die volksmassa uitmaak, voorsien.

Die „Public Schools" was oorspronklik in baie gevalle bedoel vir die kinders van arm ouers, dog hulle is mettertyd deur die vermoëndes toegeëien vir die opvoeding van hul kinders, en waar hulle private stigtings was uit skenkings wat vir dié doel beskikbaar gestel is, was hulle van die be-

---

1. Stiglingh, F.J.: A comparative study of the Public Schools of England and the Anglican Chruch schools in the Cape Province, 79.
2. Verslag van Oorsese sending in verband met Gedifferensieerde Middelbare Onderwys (voorsitter: Dr. A.H. du P. van Wyk), 17.
3. Basson, M.A.: Die Britse invloed in die Transvaalse Onderwys, 23 e.v.

gin af onafhanklik en is daar steeds hard gestry om hulle buite staatsbeheer te hou.

As gevolg van die feit dat hulle eksklusiewe skole vir die rykes en invloedrykes geword het, het hierdie skole groot invloed uitgeoefen op die Britse staatsbeleid, binnelands en imperiaal, aangesien die sleutelposte oorwegend met oud-leerlinge van hierdie skole gevul is.[1]

Sedert omstreeks 1940 is daar weer 'n hervormingsbeweging aan die gang. Die ervaring in die Tweede Wêreldoorlog het die eenheid van die nasie en die noodsaaklikheid van gelykheid van geleentheid op onderwysgebied weer sterk na vore gebring. Die openbare kritiek op die „Public Schools" dat hulle die oorsaak is van „two nations", dat hulle klasseverskil in die hand werk, dat hulle opvoeding in sekere opsigte eng is en nie rekening hou met die eise en omstandighede van die werklikheid nie, het tot gevolg gehad dat die Fleming-rapport aanbeveel en die 1944-wet neergelê het dat elke „Public School" jaarliks 'n getal gekeurde leerlinge, gelyk aan 25% van die vorige jaar se rekrute, uit die staatskole moet neem en verder dat leerlinge wie se ouers dit verlang en wat volgens oordeel van die plaaslike onderwysowerheid sodanige onderwys behoort te hê, toegelaat moet word. Die skoolgeld vir leerlinge wie se ouers dit nie kan bekostig nie, word dan in sulke gevalle deur die staat betaal.[2]

Langs hierdie weg word daar gepoog om die kloof tussen die „two nations" te oorbrug en die besondere tipe onderwys van hierdie skole ook tot beskikking van mindergegoedes te stel. Die toestand is tans nog vloeibaar, dog van belang is dat daar nie weggedoen word met die „Public Schools" nie maar dat die staat poog om hul opvoedingstelsel ook tot be-

---

1. Basson, M.A.: Die Britse invloed in die Transvaalse onderwys, 23 e.v.
2. Wolfenden, J.F.: The Public Schools Today, 12 e.v.

skikking van leerlinge uit staatskole te stel en hulle (die skole) te demokratiseer.

B. TIPERING VAN DIE „PUBLIC SCHOOL"

Wanneer die oningewyde probeer om 'n tipering van die „Public School" uit die literatuur saam te stel, stuit hy voor een groot moeilikheid, nl. dat 'n vae wasigheid die stelsel omsweef wat dit uiters moeilik, selfs onmoontlik, maak om suiwer en sekuur te sê wat 'n „Public School" is. Trouens, 'n algemeen-aanvaarbare definisie of omskrywing kon net nie gevind word nie en selfs 'n bloot meganiese bepaling soos dié dat 'n „Public School" 'n skool is waarvan die hoof lid van die „Headmasters' Conference" is, sluit skole uit wat anders sou gekwalifiseer het terwyl dit daarteenoor weer skole insluit wat gewoonlik nie tot die groep gereken word nie.[1] Nogtans moet 'n poging aangewend word.

In Engeland bestaan 'n sekere tipe onafhanklike kosskool wat bekend is as 'n „Public School", daardie geskiedenisryke, paradoksale, tradisievaste, eiesoortige, selfgenoegsame inrigting wat, gestig uit skenkings wat deur indiwidue of groepe beskikbaar gestel is, onlosmaaklik in die patroon van die Britse nasionale lewe gegroei het en 'n groot bydrae gelewer het tot die nasie se aansien en karakter.[2]

I. Die geskiedenisrykheid.[3]

Sommige van hierdie skole roem op 'n verlede wat in eeue gemeet word, waar geslag na geslag opgevoed is na die beste tradisies van die land in die algemeen en die skool in die besonder. So word by Winchester bv. die oorspronklike gebou, wat dateer uit die tagtiger jare van die 14de eeu, nog gebruik en latere modernisering en aanbouings het die besondere voorkoms nie laat verander nie. So kon die geskied-

1. Snow, G.: The Public School in the New Age, 13.
2. Rodgers, J.: The old Public Schools of England, vii.
3. Ibid, Hoofstuk II.

skrywer, A.F. Leach, i.v.m. die St. Peterskool, waar Guy Fawkes 'n leerling was en wat gestig is in die jaar 627, met trots verklaar: „Older than the House of Commons, older than the universities, older than the Lord Mayor, older than the House of Lords, older even than the throne or the nation itself."[1] Latere navorsing het hom egter van opinie laat verander, aangesien aanduidings gevind is dat King's College, Canterbury, terugdateer na die jaar 598 en hierdie skool word dan tans ook algemeen beskou as die oudste in Engeland.

II. <u>Die paradoksale</u>.[2]

Die teenstrydighede in hierdie skole blyk nie net uit die definisie wat 'n sinikus gegee het toe hy gesê het: „An English Public School is called English because it teaches Latin and Greek, public because it is private and a school because it is mainly concerned with games" nie, maar ook uit die volgende:

1. Die skool kan slegs aanspraak maak op die naam indien sy hoof 'n lid is van die „Headmaster's Conference" wat in die lewe geroep is om die skole te vrywaar teen inmenging van die staat, al voldoen dit ook aan al die ander vereistes. Tog is hier in Suid-Afrika minstens een staatsondersteunde skool wat lid is van die „Headmaster's Conference".

2. 'n Verdere vereiste is dat die skool 'n kosskool moet wees, maar nou is daar sodanige skole vir mindergegoedes wat nie aanspraak kan maak op die titel nie. Hulle is skole slegs vir die kinders van welgestelde ouers.

3. Nog 'n ongerymdheid lê in die term „Public". Elders in die wêreld beteken dit dat sulke skole oop is vir en beheer word deur die publiek of die staat. In Engeland is hierdie skole gestig deur private ondernemers vir doeleindes wat deur hulle bepaal is.

---

1. Rodgers, J.: The old Public Schools of England, 8.
2. Badger, A.B.: Public Schools and the Nation, 19 e.v.

4. 'n Ander paradoks lê in die status van sommige huisonderwysers wat hulle nie uitsluitlik op die onderwys toelê nie, maar ook optree as „losieshuisbestuurders", aangesien losiesgeld wat die ouers betaal, hul vernaamste bron van inkomste is.

5. Ten slotte bestaan 'n paradoks in die feit dat die oudstes en beroemdstes van hierdie skole gestig is vir die armes en behoeftiges, die „pauperes et indigentes", dog vandag is hul leerlinge kinders van die gegoedes.

III. Tradisievastheid, eiesoortigheid en selfgenoegsaamheid:[1]

Hierdie kenmerke is omtrent die enigste ooreenkoms wat tussen die skole onderling bestaan. Elkeen glo vas dat sy groei en ontwikkeling moet geskied volgens die riglyne van sy eie tradisie wat setel in sy wordingsgeskiedenis. Nuwe maatskaplike en opvoedkundige strominge moet aangepas word by die model van die verlede en nie omgekeerd nie, sodat die eiesoortige indiwidualiteit behouekan bly soos dit 'n organisme betaam. Die onafhanklikheid t.o.v. ander skole en van beheer van buite moet behoue bly sodat die kenmerkende stempel bewaar kan word. Hierin lê ook die belangrikste rede waarom dit vir die oningewyde so moeilik is om 'n juiste beeld van dié stelsel te vorm, indien daar onder die omstandighede sprake van 'n stelsel kan wees. Waar elke skool so gesteld is op sy eie karakter, sy eie indiwidualiteit en eiesoortigheid, sal daar omtrent soveel stelsels as skole wees.

IV. Slotsom.

Daarmee is die „Public School" nog lank nie getipeer nie, maar onthou moet word dat daar reeds baie boekdele oor hierdie skole geskrywe is, sommige ter veroordeling, ander ter verdediging en aanprysing;[2] sommige om te skerts met

1. Mack, E.C.: Public Schools and British Opinion (1780-1860), 3.
2. Ibid, xi.

die „old school tie" en „public school type"[1] of te kla oor die skepping van „two nations"[2], nl. die „Public-school man and the public-house man"[3]; ander om te roem op Eton wat die slag van Waterloo op sy sportterreine gewen het -- en die slotsom waartoe dit alles lei, is: „There is no accepted definition of a "Public School" in the English sense of the word."[4]

C. HERKOMS VAN DIE BRITSE IDEALE „CHRISTIAN GENTLEMAN"[5].

Terwyl dit 'n onbegonne taak geblyk het om 'n tipering van die „Public School" te gee omdat dit so newelagtig en ontwykend is, lê dit voor die hand om weer eens in die geskiedenis te gaan delf op soek na die konsepsie om van daaruit die draad in die wordingsgeskiedenis te probeer volg met die verwagting dat 'n juiste beeld algaande vorm sal aanneem.

Sodra hierdie metode egter toegepas word, stuit die ondersoeker voor 'n ander probleem: hy moet in die voorgeskiedenis van die Engelse onderwys begin. Wie enigsins 'n poging aangewend het om tot klaarheid insake dié stelsel te kom, sal saamstem met Stiglingh waar hy sê[6]: „It might appear superfluous to somebody who does not appreciate the complex nature of the English Public School, to go back to the origin of schools approximately in the 6th Century but to somebody who has read extensively on the subject this is the only starting point. The History of English schools and the anomalous nature of their Public School is so intertwined that the one cannot be separated from the other. Unless one makes a study of the history of Education in England, the meaning, character and significance of the manifold aspects of the English Public School may appear incomprehensible".

1. Wolfenden, J.F.: The Public Schools Today, 12.
2. Ibid, 13.
3. Pear, T.H.: English Social Differences, 161.
4. Wolfenden, J.F.: The English Public School (1957 Year Book of Education).
5. Norwood, C.: The English Tradition of Education, 8 e.v.
6. Stighlingh, F.J.: A comparative study of the Public Schools of England and the Anglican Church schools in the Cape Province, 79.

Wanneer hierdie prosedure nou gevolg word, sal dit gerade wees om een of ander gemeenskaplike element in die skole te soek wat kan dien as leidraad om die spoor te volg, want die skole is so selfstandig en onafhanklik van mekaar dat dit makliker is om stof oor hul indiwiduele geskiedenisse te vind[1] as om iets oor die stelsel te wete te kom. Nou tref dit gelukkig so dat die skole te midde van die verskeidenheid, blykens die literatuur 'n gemeenskaplike doelstelling nastreef, nl. vorming van hul leerlinge tot „Christian gentlemen", wat dan ook naas die prefekstelsel as een van die fondamentstene van die „Public Schools" beskou word.

Geskiedskrywers soos Norwoord wys Alfred die Grote (849-899) aan as die vader van hierdie ideaal.

Dit was sy taak om 'n ongeletterde volk te lei in die stryd om sy verdeelde en onontwikkelde land teen die Deense invallers te beskerm en die stryd om die bestaan het hom gedurig besig gehou. Dit het hom tot die besef gebring dat leiers sy volk se grootste behoefte was en daarom het hy onderwysers van oorsee geleen, handboeke van daardie tyd laat vertaal en skole gestig waarheen hy die seuns van sy leiers gestuur het. Hy het daarna gestreef om die kennis en gebruik van die moedertaal te ontwikkel en het daarna gehunker om elke kind geletterd te sien. Sy sienswyse was dat die staat en die kerk moet kan reken op die beste brein van die gemeenskap en dat die hele volk, en nie slegs 'n bepaalde klas nie, 'n gemeenskaplike kultuur en lewensuitkyk behoort te hê. Hierin lê die kiem van 'n onderwysstelsel wat die jeug moet vorm tot burgers wat 'n verenigde volk sal dien.

Eeue het verloop voordat hierdie ideale selfs in die elementêrste vorm kon verwesenlik word, dog die lig wat Alfred aangesteek het, is nooit uitgedoof nie. Die Noorse verowering het gekom en gegaan en stadig maar seker het 'n nasie te voorskyn getree uit die Saksiese, Deense en Noorse elemente, en tegelykertyd is 'n onderwysstelsel opgebou om ridders en klerke, soldate en administrateurs, staatsmanne

1. Vgl. bv. Rodgers, J.: The Old Public Schools of England.

en geestelikes op te lei.

Vir die ridders was daar die ridderskool om hulle voor te berei as ruiters en op te lei in die gebruik van wapens vir jag en sport en oorlogvoer, dog die dryfveer was deurgaans 'n morele gedragsideaal.

Soos 'n goue draadjie kan hierdie ideaal van liggaamlike fiksheid en ratsheid, ridderlike diens aan skones en skoonheid, moed en selfopoffering, eer en eerlikheid, deur die eeue gevolg word tot hy daardie Engelse ideaal, eers gesien as die „English gentleman" maar uiteindelik as die „Christian gentleman".

D. WILLIAM OF WYKEHAM Lê DIE GRONDSLAG[1].

Aanvanklik het hierdie ideale buite die skole om gegroei, dog uiteindelik toe William of Wykeham, 'n vermoënde man, in 1382 die Winchester College gestig het, met sy gevleuelde slagspreuk „Manners maketh man" as grondslag en karaktervorming as doelstelling, het dit formeel in die skool erkenning erlang.

Hierdie skool was in die eerste plek bedoel om behoeftige kinders in die geleentheid te stel om opgelei te word vir diens in die kerk, aangesien daar na die „Black Death" van 1348-9 en daaropvolgende peste 'n tekort aan geestelikes was,[2] dog Wykeham het verskeie bepalings gemaak wat van Winchester die embrio gemaak het van die hedendaagse „Public School". Die bepalings waarna verwys word is die volgende:

I. Die grondslag vir verdere studie aan 'n universiteit moes gelê word.

II. Voorsiening is gemaak vir losieshuise waarin leerlinge van buite die onmiddellike omgewing gehuisves kon word, want die bedoeling was om leerlinge van oor die hele Engeland toe te laat.

III. Die ouer leerlinge moes die jongeres help en met die

1. Norwood, C.: The English Tradition of Education, 11 e.v.
2. Ogilvie, V.: The English Public School, 19.

oog daarop is ŉ elementêre prefekstelsel in die lewe geroep waarvolgens 18 van die mees gevorderde seuns beheer moes uitoefen en onderrig moes gee.

IV. Die skoolgemeenskap moes ŉ hegte eenheid wees, gevorm en gebind deur die ideaal van sedelike karaktervorming wat tot openbaring moes kom in werk en ontspanning.

V. Tien seuns van „noble and influential persons, special friends of the said college" kon toegelaat word, dog hulle moes betaal vir hul onderwys[1].

Hierdie skool het gedien as model en inspirasie vir verskeie ander soortgelyke stigtings en teen die einde van die middeleeue was daar reeds ŉ stelsel in wording wat ŉ eie gees geadem het.

Die Renaissance het nie veel inspirasie vir die onderwys in Engeland gebring nie, want ten spyte van die moontlikheid wat dit gebied het om die leerplan te verlewendig en nuwe vakke in te voer, het dit die ou gevestigde lojaliteit teenoor kerk en staat in twyfel getrek.

Die Hervorming het beslis ŉ stremmende invloed uitgeoefen aangesien dit die volk verdeel het. Die Katolieke is verban en die Protestante het in groepe gesplits. Skole is geplunder en vernietig en ŉ gees van eie voordeel ten koste van die heil van die gemeenskap het posgevat. Na die storm is baie van die skole herstig, dog Katolieke en Nonkonformiste is nie toegelaat nie Die skole het verswak: die leerplan was eng met baie Latyn en ŉ bietjie Grieks; die onderwysers was swak-betaalde geestelikes van weinig aansien met geen ander ideaal as om Latyn te onderrig nie; die klasse was groot en die leerlinge moes self omsien na hul karaktervorming. Die leerlingtal het onrusbarend gedaal, ook aan die „Public Schools" wat toe niks anders was nie as „virgin forests untouched by the hand of reform. It was a system of anarchy tempered by despotism -- a life in which licensed

---

1. Ogilvie, V.: The English Public School, 24.

barbarism was mingled with daily and hourly study of the niceties of Ovidian verse. It was a life of freedom and terror, of prosody and rebellion, of interminable floggings and appalling practical jokes."[1]

Teen die begin van die 19de eeu het daar verandering gekom. Industrieë het begin bloei, spoorweë was in aanbou en welvaart het toegeneem. Die liberalistiese leer van die Franse Rewolusie het versprei en hervormings was aan die orde van die dag, wat gepaard gegaan het met 'n toenemende eis om 'n hoër sedelike toon en 'n liberaler leerplan in die „Public Schools" te kry.

E. DR. THOMAS ARNOLD HERVORM EN KONSOLIDEER.

En toe verskyn dr. Thomas Arnold, wat die behoefte aan hervorming aangevoel het, op die toneel.

Hy was self 'n produk van Winchester en het in 1828 hoof van Rugby geword. Hy het nie net sy skool tot 'n soliede stewigheid gekonsolideer nie, maar ook nog so'n sterk invloed uitgeoefen op die hele „Public School"-stelsel dat Rodgers kon beweer dat die voorspelling „that he would change the face of education all through the public schools of England" inderdaad bewaarheid is.[2] Dit het hy bewerkstellig nie soseer deur nuwighede in te voer nie, maar deur die bestaande tradisionele inhoud te reformeer en nuwe betekenis daaraan te gee, en deur die krag van sy persoonlikheid.

I. Sy opvoedingsdoelstelling.

Arnold, wat deur en deur godsdienstig was en so aangevuur was daardeur dat hy eintlik 'n godsdienstige hervormer was, het self sy opvoedingsdoelstelling aangestip as „first, religious and moral principles, second gentlemanly conduct, thirdly, intellectual ability".[3]

---

1. Rodgers, J.: Old Public Schools of England, 1.
2. Ibid 79.
3. Mack, E.C.: Public Schools and British Opinion (1780-1860), 249.

Sy beskouing was dat karaktervorming belangriker was as die verwerwing van kennis en sy godsdiensywer het steeds sy opvoedkundige praktyk oorheers. „It is not necessary that this should be a school of three hundred, or one hundred or fifty boys: but it is necessary that it should be a school of Christian gentlemen," het hy op 'n keer gesê toe hy 'n seun geskors het.[1] Hy was egter realisties genoeg om te besef dat hy met onvolwassenes te doen het, want, sê hy: „My object will be, if possible, to form Christian men, for Christian boys I can scarcely hope to make."[2]

II. Sy leerplan en metode.[3]

Arnold het die interne struktuur van die skool behou en by die formele onderrig gebly. Die klassieke tale het nog as basis van die onderwys gedien en die liberale agitasie om die invoering van nuttigheidsvakke het hy sterk teengestaan, alhoewel hy Moderne Geskiedenis, moderne tale en Wiskunde toegelaat het.

Wat die intellektuele ontwikkeling van sy leerlinge betref, het Arnold dus as aanhanger van die dissiplinêre opvoedingsteorie behoudend opgetree, dog t.o.v. die benadering van die onderwys het hy vernuwing gebring. Al het hy nog vasgehou aan die klassieke tale, het hy weggebreek van die formalisme en die klem laat val op die inhoud as instrument vir sedelike opvoeding en verstandelike ontwikkeling.

Waar hy egter sterk hervorm het, was in sy persoonlike metode van onderwys gee. Hy het voor die klas opgetree, nie as die onverbiddelike skoolmeester nie, maar as gids en raadgewer en hy het daardeur 'n informele atmosfeer in die klaskamer ingedra wat onbekend was in die gangbare praktyk. Daarbenewens het hy 'n persoonlike verhouding tussen hom en sy leerlinge geskep wat hulle geïnspireer het, wetende dat

1. Curtis, S.J.: History of Education in Great Britain, 146.
2. Rodgers, J.: Old Public Schools of England, 1.
3. Mack, E.C.: Public Schools and British Opinion (1780-1860) 261.

hy op hoogte was van en belang gestel het in hul vordering.

Ook t.o.v. formele dissipline en sedelike opvoeding het hy belangrike hervormings teweeggebring. Hy het die kats veel minder gebruik as sy voorgangers en het vriendelik en aanmoedigend opgetree, ook teenoor die jonger seuns, terwyl hy hul samewerking verwerf het deur hulle te vertrou. Hy het geglo dat die goeie in hulle na vore gebring kon word deur redelikheid en regverdigheid.

Van die prefekte het hy vriende en vertroueling gemaak en daarin geslaag om hulle te omskep tot 'n skakel tussen personeel en leerlinge om sodoende die tradisionele verdeling in twee kampe uit die weg te ruim. Daardeur het hy hierdie instelling omskep tot 'n opvoedingsmiddel wat 'n daadwerklike aandeel gehad het aan die handhawing van dissipline en die sedelike opvoeding van die leerlinggemeenskap, aangesien hulle ook gedien het as kanaal waardeur sy opvattings kon vloei na die leerlingmassa toe. Hierdie instelling het later die middelpunt van sy metode geword en gedien om die toon van die skool te hervorm.

Met hierdie instelling het Arnold soveel sukses behaal dat hy daarvan 'n korps van jong offisiere gemaak het wat 'n veldtog geloods het teen oortredings in die skool. Dit het hy bereik deur groot vertroue in die prefekte te stel, deur magte aan hulle te delegeer, deur hulle te oortuig van die noodsaaklikheid van lojaliteit en hulpvaardigheid en deur gedurig te beklemtoon dat almal lede was van dieselfde gemeenskapsliggaam waarvan die eer deur elkeen beskerm moes word en dat die bedagsame minderheid die res moes help. Sy metode was dus kortliks: delegering van magte en uitoefening van persoonlike invloed.

Ook die formele godsdiensoefening van die skool het hy omskep van 'n geroetineerde meganisme tot 'n lewende aktiwiteit deur van die skoolkapel gebruik te maak om sy leerlinge met sy godsdiensywer te inspireer. Hy het weggedoen met die saai preke en lang dienste en die moderne kort, eenvoudige

en intieme skoolpreek geskep om langs hierdie weg groot invloed op die skoolgemeenskap uit te oefen.

Hy het self die godsdiensonderrig en die sielesorg in die skool behartig en daarin geslaag om die seuns se godsdiens vir hulle tot 'n persoonlike werklikheid te laat word deur hulle te laat begryp dat hulle 'n persoonlike verband met die Christendom het, dat die geloof in Christus help om versoekings te weerstaan en dat godsdiens kon meewerk tot die ontwikkeling van hul manlikheid sonder om hulle van die pret van die jeug te weerhou.

Arnold se godsdienstige beginsels en sy godsdiensywer het in sy onderwys en in sy opvoedingswerk steeds die botoon gevoer en hom gedryf om met vurige volharding sy roeping te vervul, maar bo dit alles het sy kragtige persoonlikheid uitgetroon. Die stempel wat hy op sy leerlinge afgedruk het, was dan ook „derived not from the genius of the place, but from the genius of the man"[1].

Die invloed van die stelsel wat hy ontwikkel het, was so groot na buite dat Curtis tereg kon meld: „There is no doubt that he was instrumental in creating the prestige which the public schools of this country now enjoy"[2].

F. <u>EDWARD THRING BOU VOORT</u>.

Na die Frans-Pruisiese oorlog was daar weer hewige kritiek teen die „Public Schools" en in 1861 het die parlement 'n kommissie benoem om ondersoek in te stel na die stelsel[3]. Die kommissie het die algemene karakter, doel en strewe van die skole onderskryf, dog aanbeveel dat die hoofde die finansiële voordeel wat hulle uit die skole kon put, ontsê moes word deur beheerrade aan te stel soortgelyk aan die direksies van maatskappye[4]. Verder moes die metodes gemoderniseer word en die leerplan uitgebrei word om vakke soos Musiek,

1. Mack, E.C.: Public Schools and British Opinion (1780--1860), 275.
2. Curtis, S.J.: History of Education in Great Britain, 144.
3. Mack, E.C.: Public Schools and British Opinion since 1860, 5.
4. Ibid, 30 e.v.

Tekene, Geskiedenis, Aardrykskunde, Stelwerk en Natuurwetenskap in te sluit, dog die klassieke tale moes hul sentrale plekke behou.[1]

Edward Thring, wat toentertyd hoof was van Uppingham, het die voortou geneem om gevolg te gee aan die aanbevelings insake leerplanuitbreiding deur op die spoorslag van Arnold verbeterings in die stelsel aan te bring, eers in sy eie skool en later deur sy invloed in ander skole, waardeur hy gereken moet word tot een van die groot figure van die tweede helfte van die vorige eeu. Soos Arnold was hy ŉ groot persoonlikheid met ŉ sterk karakter.

Alhoewel hy ŉ tradisionalis was wat geglo het aan die formele onderwys met die klassieke tale as uitganspunt en vasgehou het aan die tradisies van die „Public Schools", was Thring die eerste pleitbesorger vir individuele opvoeding in die „Public School". Hy het geglo dat elke leerling, ook die domme, aanspraak kan maak op indiwiduele en besondere aandag. As belangrikste taak van die onderwys het hy gestel die ontwikkeling van die leerling se vermoëns, talente en moontlikhede.

Hierdie nuwe beskouinge het nuwe middele geverg. Daar moes onderwysers wees wat deur vriendelikheid en inspirasie elke leerling tot volle ontplooiing kon laat kom. Die leerplan moes uitgebrei word en Kuns, Handwerk, Gimnastiek, Tuinbou en Musiek is ingevoer. Nuwe geboue, klaskamers en speelgronde is bepleit, want die „almighty wall" is ŉ aangeleentheid van die opperste belang. En belangrikste van alles: aangesien die onderwys indiwidueel moet geskied, moet die personeel uitgebrei word om dit moontlik te maak, en die inskrywing beperk word sodat die hoof elke leerling kan ken.[2] Langs hierdie weg is daar ŉ nuwe rigting ingelui wat die leerplan en metode van onderwys in die skool gemoderniseer

---

1. Mack, E.C.: Public Schools and British Opinion since 1860, 36, e.v.
2. Ibid, 76.

het en deur S.W. Sanderson van Oundle, waar hy hoof was van 1892 tot 1922, verder gevoer is.

## G. SANDERSON MODERNISEER.

Sanderson het nooit daarop aanspraak gemaak dat hy 'n filosoof of 'n sielkundige was nie, nóg het hy 'n diepgaande studie van die opvoedkunde gemaak, dog hy was 'n ernstige student van die natuurwetenskappe en maatskaplike aangeleenthede en langs daardie weg het hy tot sy beskouings gekom.

Soos Dewey het hy geglo dat die skool 'n miniatuurgemeenskap moet wees sodat dit by die volwasse lewe kon aansluit. Voorts behoort die leerlinge nie deur uitwendige prikkels soos eksamens, punte en straf gestimuleer te word nie, maar deur belangstelling in hul werk en derhalwe behoort hulle aktief en nie passief te wees nie. In die skool moet daar meer gedoen en minder geluister word.[1]

Met die oog hierop het hy 'n stelsel beplan wat rekening gehou het met die werklike lewe en waar die leerlinge kon besig wees in laboratoriums en werkswinkels. Om die stelsel in die praktyk te bring, het hy laboratoriums vir Chemie, Fisika, Ingenieurswese en Metallurgie, 'n tekenkamer, dinamo's, motore en hitte-enjins, werkswinkels, 'n smidswinkel, 'n smeltery, metaal- en houtwerksentrums, 'n weerkundige stasie, 'n sterrewag en botaniese tuine op- en ingerig terwyl 'n proefplaas ook aangelê is. Elke standerd moes elke kwartaal 'n week in die werkswinkels deurbring. In die plek van onderlinge kompetisie het hy koöperasie ingevoer deur die leerlinge projekte in groepe te laat uitvoer, nie net in die werkswinkels en laboratoriums nie, maar ook wanneer hulle met tale, Geskiedenis en dergelike vakke besig was. Die literêre en klassieke sy van die onderwys het dus langs hierdie weg tot sy reg gekom, en waar die aandag voorheen op die

1. Curtis, S.J.: History of Education in Great Britain, 364.

skrander leerlinge toegespits was, kon die leerlinge nou hul regmatige aandeel van die aandag geniet en was hulle beter daartoe in staat om hul bydrae te lewer.[1]

## H. DIE HEDENDAAGSE „PUBLIC SCHOOL".

Op die spoorslag van Sanderson was die ontwikkelings- en moderniseringstempo gedurende die afgelope 30 jaar so-danig dat die „Public School" voel dat hy op onderwysgebied in die voorste linies staan.

Wat die inhoud van sy onderwys[2] betref, bied die „Public School" 'n wye vakkeuse aan, dog Latyn is nog 'n basiese vak, nie net omdat die universiteite van Oxford en Cambridge wat sterk deur die „Public Schools" gepatroniseer word, dit vereis nie, maar omdat dit die denkvermoë ontwikkel en om-dat dit ten grondslag lê van die leerling se eie taal en van ander tale wat hy moontlik wil bestudeer. Wiskunde en Frans word deur die meeste leerlinge in die laer standerds geneem, terwyl Duits in die leerplan gevoeg word om verdere voorsiening te maak in die behoeftes van leerlinge met ver-bale aanleg. Aan die eis om meer en beter onderwys in die natuurwetenskappe wat deur die tegnologiese era gestel word, word voldoen en die meeste „Public Schools" beskik oor uit-stekende laboratoriums wat deeglik toegerus is, danksy die milde skenkings wat deur industrialiste gedoen is. Die ewe-wig in die skoolopvoeding word egter beskerm teen tegnolo-giese en materialistiese ekstremisme, omdat geglo word dat meer en beter wetenskap nog nie die wêreld kan red nie, want „if the world is not to disintegrate in mechanised chaos it will be essential that there should be some men of first-class ability who have a true sense of values and a wide and balanced outlook on life. It may well be that the special vocation of the Public School in the new age will be to breed first-class scientists in a Christian environment, and

1. Rodgers, J.: The Old Public Schools of England, 82.
2. ~~Ibid, 88-93~~ Snow, G.: The Public School in the New Age, 88-93.

to bring up at the same time first-class men of letters and the arts who will have a sympathetic understanding of the world of the scientists".[1] Om hierdie rede word Geskiedenis, Aardrykskunde, moderne tale, Kuns e.s.m. ook deur die skole as vakke aangebied.

'n Elastiese leerplan word opgestel sodat die leerling sy kursus kan inrig na die eise van sy aanleg, belangstelling en toekomstige loopbaan onder leiding van 'n voorligter wat voortdurend tot sy beskikking is en 'n wakende oog oor sy vordering in die algemeen hou. In baie skole maak die rooster voorsiening vir afwisselende onderrig- en studieperiodes en is dit die leerling se verantwoordelikheid om vas te stel wanneer dit lestyd is vir hom en watter werk hy gedurende die studietye moet afhandel. Indien die leerling dit moeilik vind om met sy hele kursus vol te hou, kan die voorligter dit inkort met een of twee vakke sodat die leerling meer studieperiodes tot sy beskikking kan hê wat hy kan aanwend om in die orige vakke tred te hou met die res van die klas. Langs hierdie weg word die sg. C-baan vermy, wat deur ander skole ingevoer word om voorsiening te maak vir die swakker leerlinge in welke baan hulle dan korter of eenvoudiger leergange volg. So word daar dus op een van twee maniere gedifferensieer t.o.v. intellektuele en werkvermoë: óf 'n nouer kursus van dieselfde diepte, óf 'n vlakker kursus van dieselfde wydte.[2] 'n Derde differnsiasiemetode wat in sommige skole gebruik word, is die „sett"-stelsel waarvolgens 'n leerling in verskillende vakke in verskillende bane geplaas word.[3]

Wat die metode betref, word uitgegaan van die standpunt dat die skoolwerk die belangrikste aspek van die skoollewe is en dus steeds voorrang geniet, want ook deur sy skoolwerk moet die leerling tot rypheid en selfverwesenliking ge-

---

1. Snow, G.: The Public School in the New Age, 91.
2. Snow, G.: The Public School in the New Age, 29-33.
3. Persoonlike inligting.

bring word en daarop moet sy strewe gerig word eerder as op eksamensukses. Die skoolwerk dien ook as 'n sterk aanduider van die leerling se aanleg en belangstelling waarvolgens die rigting wat hy moet volg, bepaal kan word. Daarbenewens beskou die skool dit as essensieel om die leerling te leer hoe om te leer en teen die agtergrond van hierdie benaderings is die klem in die onderrigmetodes gaandeweg verskuif van „learning by remembering" na „learning by mastering" -- die kennis moet nie slegs verwerf word nie, maar dit moet veral ook beheer en toegepas kan word.[1]

Oudio-visuele hulpmiddele soos die radio, die projektor, die strookfilm en televisie word gebruik vir die oordrag van feitekennis, veral in vakke soos Aardrykskunde en Natuurwetenskappe, dog boekwerk en navorsing speel die hoofrol in die onderrig en in dié opsig wentel dit om die laboratorium en die biblioteek.[2]

Die biblioteek is gedeeltelik gedesentraliseer -- 'n deel sal gevind word in die geskiedeniskamer en nog 'n deel in die wetenskapblok ens. „but at the centre is the school library itself, usually a spacious, dignified, restful room, quiet, orderly, always very much in use. All through the day you will find boys sitting about, reading the papers and periodicals, working amidst reference books, or browsing among the shelves. And boys take books out for private use, in studies or day-rooms ....... so that the library quite genuinely permeates all the work of the school."[3]

Langs die weg van selfwerksaamheid en selfstudie onder leiding van onderwyser en voorligter leer die kind om selfstandig te werk sonder toesig, leer hy om sy werk te organiseer en deur self toe te sien dat dit betyds afgehandel is, leer hy om sy tyd te benut. So leer hy om te leer[4]

1. Snow, G.: The Public School in the New Age, 29-30.
2. Ibid, 88.
3. Ibid, 88.
4. Ibid, 89.

en as alles in aanmerking geneem word, gaan dit op onderwysgebied aan hierdie „colleges" met hul departemente soos dit aan 'n junior universiteit daaraan toegaan, maar dit val te begrype as in gedagte gehou word dat van hierdie skole vroeër ook leerlinge opgelei het vir universiteitseksamens[1] en vandag nog 'n jaarlange kursus aanbied vir na-matrikulante met die oog op voorbereiding vir toetrede tot die universiteit[2].

Uit sy oorspronklike stigting met die hoofdoel om leerlinge voor te berei vir die universiteit het die „Public School" dus langs 'n lang en moeisame weg langsaam ontwikkel tot 'n inrigting wat nie slegs onderwys op die sekondêre vlak verskaf nie, maar gepaard daarmee en organies daaraan verbonde, het hy 'n magtige en unieke opvoedingsisteem ontwikkel wat die taak van die ouer oorneem om die persoonlikheid op te voed in besondere aspekte en in sy geheel. Dit is dan veral ook hierdie aspek van die stelsel wat van belang is vir die oplossing van die probleem van kosskoolopvoeding en daarom word dit nou onder behandeling geneem.

I. Opvoeding in die „Public School".

Vooraf dien genoem te word dat die „Public School", soos reeds gesien, sy onderwystaak as deel van die hele opvoeding, veelal soos die gewone skool verrig en waar dit reeds in besonderhede bespreek is, sal hierdie aangeleentheid verder slegs na vore kom waar dit vir die goeie begrip van sake nodig mag blyk, want dit gaan hier om weë en middele te soek wat, buite en behalwe die onderwys, aangewend kan word om die skool in staat te stel om die taak wat hy eers gedeeltelik ter aanvulling van die huislike opvoeding verrig het, nou volledig oor te neem. Omdat dit niks wegneem van sy onderwysfunksie nie, hoef dit nie verder sterk op die voorgrond te tree nie.

Uit wat tot dusver van die „Public School" verneem is,

---

1. Stiglingh, F.J.: A comparative study of the Public Schools of England and the Anglican Church Schools in the Cape Province, 90.
2. Persoonlike inligting.

kan afgelei word dat gepoog word om die individu in die gemeenskap op te voed deur die gemeenskap vir die gemeenskap; en daarom sal dit vir die goeie verloop van sake verder bevorderlik wees indien daar eers nagegaan word hoe die „Public School" die individu benader en hoe dit die gemeenskap benader alvorens oorgegaan word tot die praktyk om te bepaal wat eintlik gedoen word en hoe te werk gegaan word om die individu deur die gemeenskap op te voed.

## I. Die Individu.

Wanneer hier nou oor die individu in die „Public School"-gemeenskap gehandel word, moet in gedagte gehou word dat sy aard sodanig is dat hy ook sekere basiese behoeftes of drange t.o.v. veiligheid, vryheid, gelding en erkenning het,[1] waaraan voldoen moet word indien hy tot gesonde ontwikkeling moet kom. In hierdie behoeftes word in sy natuurlike opvoedingsinstelling, die huisgesin, spontaan en intuïtief voldoen,[2] dog die saak verander wanneer hy daaruit geneem word en oorgeplaas word in 'n ander gemeenskap met 'n ander leefwyse.

### 1. Die nuwe leefwyse.

Die gemeenskap in 'n „Public School" verskil radikaal van dié waarmee die nuwe leerling nog ooit tevore moes saamlewe en verval van die huisgesin.

„When he first arrives he finds a number of other youngsters of exactly his own age; he finds a number of others a few months older, and others a little older than that, up to the maximum age for the kind of school he has joined. And he finds masters of all ages, from the newest graduate of a university to the (in his eyes) fabulously old gentleman who is due to retire at the end of the current term. No ordinary family can possibly provide that number of twins, elder brothers, fathers and uncles."[3]

By hierdie vreemde gemeenskap moet hy hom nou aan- en inpas en in hierdie gemeenskap moet hy lewe -- eet, slaap, speel, leer, gesels en vir hom 'n plekkie verower -- en deur hierdie gemeenskap word hy beoordeel.

„Among them he finds his place on his merits. Those merits -- or de-merits -- may not be those on which adult judgments of praise or blame may be based; they may be athletic, academic, or (more probably) purely personal. By the public opinion of his contemporaries he will be judged, perhaps crudely and in a straightforwardly

---

1. Kyk bl.14.
2. Kyk bl.29.
3. Wolfenden, J.F.: The Public Schools Today, 4.

downright fashion, but on the whole with such fairness as immature judgment can compass. It is possibly the first time of his life that his purely personal qualities have been assessed by standards other than those applied by relations and family friends; and the chances are that the verdict of his contemporaries would surprise both his family and himself. The point is not the rightness or wrongness of the judgment: the point is that it is made, and that for the first time he is standing on his own, away from his domestic environment, to be assessed on his own qualities by his peers."[1]

Die struktuur van die gemeenskap is vreemd en daar is nie begrypende gesinslede wat hom bystaan nie.

„There stretches above him, in the hierarchy of his new society, a gradation (often bewildering in its details) of his elders ..... The youngsters has in effect a large crowd of potential elder brothers, of every possible and impossible age, who can in fact behave as elder brothers do, encouraging, thwarting or ignoring him. But they are not really elder brothers; they are not bound to him by any ties of physical relationship, so their behaviour towards him is not affected, either for good or ill, by blood and kinship. They, like his contemporaries, take him as they find him. He is not for them, the actual younger brother who may have put their own domestic noses out of joint, simply by being born and thereby becoming temporarily the family baby; he is not the actual younger brother whom they have taught to climb trees or find birds' nests. He is simply there to be treated on his merits and given what he deserves, whether of praise or blame, of being 'brought on' of 'being put in his place'. It is, indeed, only the thoughtful ones among them who recognise their responsibility and their power for good or ill; but it is unquestionably there."[2]

---

1. Wolfenden, J.F.: The Public Schools Today, 44-45.
2. Ibid, 45.

Waar hy in die nuwe gemeenskap alleen staan en die liefdevolle, intieme warmte en innige, begrypende bemoediging van die gesin moet ontbeer, val dit te begrype dat die nuweling onveilig voel en dat sy drange na vryheid, erkenning en gelding onder hierdie wildvreemde omstandighede om bevrediging roep en dat hy sy emosionele ewewig daardeur kan kwytraak sodat hy gedryf word tot gedragsuitings van ongehoorde aard.

Dit het lank geduur voordat hierdie onderliggende noodsaaklikheid tot die „Public School" deurgedring het, aangesien daar in die wordingsjare geen of baie min kennis dienaangaande was en afwykende gedrag in die eerste en laaste instansie gewyt is aan onhebbelike stoutigheid en dienooreenkomstig veroordeel en gestraf is. Na jare en jare se bittere ervaring gepaard met volgehoue probeer en faal, meet en pas, wik en weeg, straf en skors en worsteling met euwels van allerlei aard wat voortgevloei het uit die gebrek aan drangbevrediging, het sake geleidelik gevorder sodat daar tans gekonstateer word dat „the Public School is a sound and balanced community where boys and masters are on the same side, friends co-operating in creating a community life where every individual is free and has the widest opportunities for fulfilment. The occasional misfit is helped and not repressed and those whose schooldays reach back to bullying and repression cannot help feeling amazed (and grateful) at the thoughtful care of the prefects for their younger brethern, and their sensible discussion with the housmaster of the boy who doesn't seem to get on or the new-boy who doesn't settle down."[1]

Om hierdie toestand te verseker, word stappe gedoen om toe te sien dat die primêre drange bevredig word met die besef dat „if 'Youth' in the world at large is restless today, it is because the boy cannot find in his environment any worthwhile occupation or any means either of expressing his desires or winning the proper appreciation of others. At this same moment

1. Snow. G. : The Public School in the Modern Age, 70.

in history the Public School boy is as responsible and orderly as being as he has ever been, because his life provides him with endless and varied opportunities of fulfilment and at the same time of gaining the respect of other people".[1]

Omdat drangbevrediging so 'n essensiële vereiste is, word daarmee begin reeds voor toetrede tot die „Public School" deur die nuweling voor te berei daarvoor.

2. Drangbevrediging.

a) Die veiligheidsdrang.

Met die oog op die voorbereiding van die voornemende „Public School"-leerling is voorbereidende skole, die sg. „preparatory schools" in die lewe geroep.

Hierdie skole maak die leerlinge touwys: hulle laat hulle iets ervaar van die eise waaraan hulle later sal moet voldoen, maak hulle gewoond aan die soort gesag waaraan hulle hul sal moet onderwerp en gee elementêre opleiding in die vakke wat hulle later sal moet neem.

Sommige van die skole is miniatuur-„Public Schools", kompleet met spanne en kompetisies, kapteins en prefekte, georganiseerde lewe en, les bes, dienste in die kapel.[2] Langs hierdie weg word die toekomstige kosskoolleerling dan ingestel op toetrede tot die nuwe omgewing en pas hy hom soveel makliker daarby aan.

Hier dien ook vermeld te word dat die emansipasie van die kind uit die huisgesin in die hoër stande veel vroeër begin aangesien hy 'n maand na sy geboorte onder die sorg van 'n pleegmoeder, die sg. „Nanny" geplaas word, terwyl sy moeder hom slegs op vasgestelde tye van die dag besoek. Die „Nanny" versorg hom dan vir etlike jare[3] en onder hierdie omstandighede sal daar stellig nie veel moederbinding wees nie.

'n Ander aspek van die saak is die feit dat dit tradisie

---

1. The Public School in the New Age, 26.
2. Norwood, C.: The English Tradition of Education, 70 e.v.
3. Pear, T.H.: English Social Differences, 199.

geword het dat die vader sy seun stuur na die kosskool waar hy self sy opvoeding geniet het en waarvan hy steeds met die grootste lof praat. Sy seun weet dus al van vroeg af dat hy bestem is vir dié besondere kosskool, hoe die lewenswyse daar is, wat daar op hom wag en wat daar van hom verwag gaan word. Behalwe dit word 'n romantiese glans ook nog aan die skole verleen deur die „Public School"-fiksie wat feitlik tot 'n genre ontwikkel het in die Engelse letterkunde en wat veral gelees word deur voornemende leerlinge en hulle 'n voorsmaak gee van die glorieryke lewe wat hulle daar gaan ly. „The whole idea of life at a Public School was already suffused with romanticism before they got there and so each generation of newcomers was already in love with the whole paraphernalia".[1]

Met sy aankoms by die inrigting waarheen hy natuurlik deur sy ouers geneem word, word hy ontvang en op sy gemak gestel deur sy huisvader wat saam met die huisonderwyser[2] nou verder verantwoordelik is om toe te sien dat hy tuis raak en tot aan- en inpassing kom, wat beteken dat daar ook aandag aan sy ander geestesbehoeftes geskenk moet word.

Daarbenewens word hy in sommige skole onder die persoonlike sorg van 'n senior leerling geplaas, wat dan as sy „fagmaster" moet toesien dat hy sy weg tot aanpassing vind in ruil waarvoor hy dan sekere kleinere dienste van die nuweling verlang.

Ook word die skool se prospektus en reëls voor sy toetrede aan die nuweling se ouers gestuur sodat hy (en hulle) op hoogte van sake kan kom en voorbereid kan wees.

Verder is die kapelaan, die verpleegsters, die huishoudsters en, les bes, die huisvader se eggenote nog daar om stilweg en onopvallend 'n bydrae te lewer tot sy sekuriteitsgevoel[3] en „master's wives do noble work in welcoming boys into their homes on all kinds of occasions".[4]

---

1. Ogilvie, V.: The English Public School, 183.
2. Kyk bl. 116.
3. Persoonlike inligting.
4. Snow, G.: The Public School in the New Age, 108.

b) Die erkenningsdrang.[1]

Bevrediging van hierdie drang begin reeds by sy toetrede deur die innige en opregte belangstelling wat die nuweling geniet van die kant van die huisvader en die huisonderwyser wat hom benader as 'n nuwe toevoeging tot die „gesin", wat hom by sy naam ken en by voorkeur op sy troetelnaam noem en sy verjaarsdag onthou.

As hy dan nog toegewys word aan 'n „fagmaster", voel hy nog belangriker, want in hierdie skole word dit as 'n besondere eer beskou om tot diens van 'n senior leerling te wees.

Daarby word daar minstens in sy huis kennis geneem van sy prestasies op welke gebied ook al, waaruit nie net sy geldingsdrang maar ook sy erkenningsdrang genoegdoening put.

c) Die geldingsdrang.[2]

Ook hierdie drang word uit die staanspoor bevredig, want om tot die „Public School" toegelaat te word waar daar 'n lang lys van wagtendes op toelating is en waar toelating onderhewig is aan 'n toelatingseksamen, gee op sigself al genoegdoening, veral as daarby in aanmerking geneem word dat dit gesogte skole is.

Origens word in hierdie behoefte voorsien by wyse van die georganiseerde vryetydsbesteding en die geleentheid om stokperdjies te beoefen wat elders volledig bespreek word.[3]

d) Die vryheidsdrang.[4]

Hierdie behoefte het onder die ou bedeling die ergste in die gedrang gekom as gevolg van die skerp inperking van die bewegingsvryheid deur grensbepaling (die sg. „bounds") en die streng kontrole oor die bewegings daarbinne, opsluiting gedurende nag, onderwysers wat streng toesig hou, die honderd-en-een moenies en mag-nie's en reëls e.s.m.

---

1. Persoonlike inligting.
2. Idem.
3. Kyk bl.128.
4. Snow, G.: The Public School in the New Age, 67-68.

Tans staan sake anders. Die lewe word so min moontlik geroetineer en geregimenteer en soveel vryheid as wat kan, word toegelaat. Reëls word tot die minimum beperk en onderdrukkende toesig word vermy sodat die „master on duty" feitlik van die toneel verdwyn het. Die ideaal waarna gestreef word, is om „the bounds of common sense" as die enigste grense en „the rules of common sense" as die enigste reëls te hê, en dit word bereik deur aandag te skenk aan die kleiner sake soos die rondstrooi van rommel en afval, hande in die sakke, beleefdheid teenoor onderwysers, netheid, reinheid ens., want die ervaring leer dat waar dit gedoen word, die groot dinge vanself regkom. „Today this is the normal balance in the 'Public Schools' and boys live a wonderfully free life and yet at the same time are equally remarkably well-mannered and law-abiding."[1]

Drangbevrediging verg egter ook 'n simpatieke, begrypende verstandhouding tussen opvoeder en opvoedeling[2] en daarom word daar in die hedendaagse „Public School" 'n gees van onderlinge vertroue tussen leerling en onderwyser geskep waarin die onderwyser die leerling sover doenlik as volwassene behandel en van hom verantwoordelike gedrag verwag met die gevolg dat „masters and boys live constantly in the closest touch and often in something very like an ordinary human friendship."[3] Hoe dat daar uit so'n verhouding 'n gevoel van vryheid, veiligheid, erkenning en selfs gelding voortvloei, behoef seker geen verdere betoog nie.

Deur te voldoen aan die basiese geestesbehoeftes van hul leerlinge, het die „Public Schools" hul dissiplinêre probleme aanmerklik verminder, dog benewens die basiese geestesbehoeftes wat vir alle ouderdomme geld, het die individu egter ook besondere behoeftes wat uit sy ontwikkelingsfase voortvloei, en waar die „Public School" met die adolessent werk, sal dit

1. Snow, G.: The Public School in the New Age, 68.
2. Kyk bl.16.
3. Snow, G.: op. cit., 52.

lonend wees om uit te vind wat hulle in dié verband doen.

3. Die „Public School" en die adolessent.[1]

In sy benadering t.o.v. sy leerlinge hou die „Public School" terdeë rekening met die feit dat hulle adolessente is wat as gevolg van die ontwikkelingsfase waarin hulle verkeer, besondere behoeftes van emosionele aard het.

In die eerste plek moet genoem word die goeie gesindheid van vertroue en simpatieke begrip wat onderwyser teenoor leerling openbaar en wat veel bydra om kalmte van gees en gemoedsrus by die adolessent te skep waar hy homself dikwels nie begryp nie.[2] Wanneer die storms en drange woed, voel en weet die leerling dat hy in 'n veilige hawe verkeer waar sy moeilikhede verstaan word en met begrip bejeën word.

Omdat besef word dat die individu gedurende die adolessentejare 'n moelike fase deurmaak waar hy die oorgangstadium van kind na volwassene beleef, word dit as noodsaaklik beskou dat hy in die geleentheid gestel word om sy belangstellings te knoop aan gesonde, aanvaarbare aktiwiteite waarin hy sy energie kan ontlaai en wel op 'n skeppende wyse indien enigsins moontlik, en daarom spits die „Public School" hom daarop toe om 'n groot verskeidenheid sodanige geleenthede te bied en moedig hy sy leerlinge aan om daaraan deel te neem.

Hiermee hang saam dat die adolessent besig is om homself as individu te vind en daarna streef om uit die huisgesin te emansipeer en dus minder afhanklik van sy ouers wil wees vir sekuriteit en homself wil sien as individu met sy eie status in die samelewing. Hy voel nou nie meer tuis en word nie meer aanvaar in 'n kindergemeenskap nie en ook nie in 'n volwassenegemeenskap nie, omdat hy nóg kind, nóg volwassene is en daarom het hy 'n eie gemeenskap nodig. Nou bied die „Public School" juis so'n portuurgemeenskap[3] vir wie hy aanvaarbaar is en

---

1. Snow, G.: The Public School in the New Age, 55 e.v.
2. Kyk bl. 19.
3. Kyk bl. 21.

hoef hy nie in bendes ontvlugting en bevrediging vir sy besondere behoeftes te gaan soek nie. Al wat nog gedoen hoef te word, is om toe te sien dat die heersende standaarde in die gemeenskap suiwer en gesond is, want daar gaan die adolessent nou sy lewensnorme vind. Daarom heg die „Public School" groot betekenis aan die gesonde skooltoon asook aan die lewenswaardes van sy personeel wat as modelle dien vir die halfvolwassene. Om hierdie rede ook behandel die „Public School" sy leerlinge sover doenlik as volwassenes: hulle staan op die drumpel van volwassenheid en moet deur die volwassenes verwelkom word sodat hulle kan weet hulle word aanvaar in en deur die gemeenskap.

Aangesien geslagtelike rypwording gedurende hierdie periode plaasvind, aanvaar die „Public School" alle verskynsels en probleme wat daaruit voortvloei as deel van die leerling se persoonlike ontwikkeling en sosiale aanpassing en as normale kenmerk van die groeiproses op daardie stadium. Hierdie probleme word derhalwe openlik met die leerlinge bespreek soos iets alledaags en nie soos iets onbehoorliks waaraan 'n stigma kleef nie. Hierdie gesindheid van „sex is no longer the great unmentionable"[1] gepaard met die gees van onderlinge vertroue wat tussen onderwyser en leerling heers, lei daartoe dat hy op sy gemak en met vrymoedigheid sy probleme met sy huisvader of voorligter op 'n natuurlike wyse bespreek wetende dat hy gewilliglik en eerlik van raad bedien sal word.

Om die leerlinge nou verder te help om te begryp wat met hulle aan die gang is, word 'n reeks praatjies met hulle gevoer deur die hoofonderwyser of iemand wat hy daartoe uitnooi gewoonlik 'n dokter of 'n sielkundige. In die leerling se eerste jaar op skool (d.w.s. om en by die 13de lewensjaar) word die eenvoudige feite in verband met voortplanting vanuit 'n biologiese oogpunt gegee en twee jaar later word die emosionele aspekte behandel, om in die leerlinge se finale jaar met die „young grown-ups" te handel oor sake waarmee hulle eer-

---

Public Schools in the New Age, 56

lank in die lewe daarbuite te doen sal kry: hofmakery, die huwelik, voorbehoedmiddels en -metodes e.s.m.

En onder hierdie omstandighede meen die „Public School" dat „the boy at the „Public School" passes through his vital years of growing up in an atmosphere wholly attuned to his needs".[1] en dat „there can be no better setting for adolescence."[2]

Nou ontstaan die vraag verder hoe die skool sy taak sien, m.a.w. wat hy as sy funksie beskou.

4. <u>Oorname van die ouer se taak</u>.

Die bepaling in die oorspronklike stigting dat 'n sekere getal kinders van vermoënde en invloedryke ouers tot die skool toegelaat kon word, het aanleiding daartoe gegee dat private gesinne in die buurt van die skool sodanige leerlinge as loseerders by hulle laat inwoon het[3], en ook dat hoof- en assistent-onderwysers die behoefte wat daar aan losies ontstaan het, benut het om hul inkomste aan te vul.[4]

Hierdie praktyk het, wat die skole betref, nie gedeug nie, want die loseerders is so toegewend behandel dat allerlei euwels soos drankmisbruik en dobbelary in hul geledere ontstaan het sodat die skole naderhand genoodsaak was om die aangeleentheid onder hul beheer te bring.[5]

Die sentralisasie van die loseerders het die probleem egter nie opgelos nie. Die toestande in die loseshuise was primitief. Die voedsel was minderwaardig en te min. Die slaaplokale was oorlaai sodat twee of drie leerlinge in 'n bed moes slaap en snags was daar geen toesig oor hulle nie. Die onderwysers, wat na verhouding veels te min was, moes soms so hardhandig optree om die orde te handhaaf en die gevolg van dit alles was dat die kwaad eerder toe- as afgeneem het, dat die leerlinge in openlike vyandskap met die onderwysers geleef het en selfs tot rebellie oorgegaan het.

1. Snow, G.: The Public School in the New Age, 59.
2. Ibid, 58.
3. Ogilvie, V.: The English Public School, 34.
4. Ibid, 93.
5. Ibid, 107.
6. Ibid, 124.

In hul poging om die toestand onder beheer te kry, het die skole al meer gebruik van ouer leerlinge gemaak, wat weer ontwikkel het tot bullebakkery van die ergste graad. Daarby het die regerende seksie geen perke geken nie: hulle het gedobbel, dronkneste gehou en gehoereer.[1]

As gevolg van hierdie onhoudbare toestande moes die skole noodgedwonge later tot die besef kom dat hulle ook verantwoordelikheid vir die karaktervorming van die leerlinge sal moet aanvaar en nie net vir hul onderwys nie, en alhoewel dit aanvanklik nie duidelik was hoe dit gedoen kon word nie,[2] het die besef dat die „Public School" die volle verantwoordelikheid vir die hele opvoeding moet aanvaar as spoorslag gedien vir manne soos Arnold en Thring om hul hervormingswerk te onderneem. Daardeur is die grondslag gelê vir die „Public School" soos wat hy tans georganiseer is as 'n organiese eenheid t.o.v. die opvoeding gedurende skoolure en daarna om die hele opvoedingstaak van die ouers te kan oorneem en wel in so'n mate dat daar vandag van hulle is wat beweer dat hulle die taak van die ouer so totaal oorneem dat hulle feitlik die kind ook neem[3], en hul taak is om die hele persoonlikheid in al sy aspekte op te voed tot 'n volwaardige mens, maar veral tot 'n „Christian gentleman".

Hieruit moet egter nie afgelei word dat die inrigtings se leerlinge almal inwoon nie, want die meeste van hulle laat ook leerlinge toe wat by hul ouers woon. In sulke gevalle moet die leerlinge egter sover moontlik by die hele skoolprogram inskakel en word hulle selfs ook in „huise" georganiseer met die oog op beoefening van sport- en ander bedrywighede vir opvoedingsdoeleindes. Vanselfsprekend moet die ouers van hierdie leerlinge dan ten nouste met die skool saamwerk.[4]

II. Die Gemeenskap.

Waar daar nou verneem is dat die „Public School" die leerling wat hy in sy totaal wil opvoed, beskou as 'n wese

1. Ogilvie, V.: The English Public School, 110 e.v.
2. Ibid, 131.
3. Persoonlike inligting.
4. Ibid.

wat sekere behoeftes het na sy aard en ontwikkelingstadium waarvoor spesifieke voorsiening gemaak moet word indien hy tot volle en gesonde ontplooiing moet kom, is dit nou nodig om die blik te werp oor die gemeenskap waarin en waardeur hy hom wil opvoed in die gemeenskap daarbuite en hoe daardie opvoedingsgemeenskap ingerig word ter bereiking van dié doel

1. Bestendigheid van die gemeenskap.

Van groot belang word geag die feit dat die leerling in 'n „Public School", behalwe gedurende vakansietye, steeds 'n lid van dieselfde gemeenskap is en derhalwe nie nodig het om hom daagliks aan te pas by die wisselende milieu van skool en huis nie. Die bestendige milieu bring groter stabiliteit mee.

Tweedens verkeer hy in 'n geslote en beheerde gemeenskap waar dit wat bevorderlik is vir sy opvoeding in- en wat nadelig is uitgesluit kan word.

Derdens, omdat die leerling voltyds, dag en nag, in die skool is, is dit die skool se taak om te sorg vir sy hele opvoeding. Die bestendige milieu dra dan daartoe by om eenheid in hierdie opvoeding te bewerkstellig en skakel die gevaar uit dat hy slegs, of hoofsaaklik, aan sy skolastiese prestasies geken en beoordeel sal word.

Vierdens, omdat die leerling in 'n permanente gemeenskap leef, kan hy aan meer opvoedkundige bedrywighede soos klubwerk, verenigingslewe, sportaktiwiteite, ens. deelneem as wat die geval andersins sou gewees het, wat beteken dat hy beter in staat gestel word om hom uit te leef en sy geldingsdrang te bevredig. Daarby word die moontlikheid groter dat sy latente talente ontdek en tot ontwikkeling gebring sal word.

Vyfdens is die personeel onder wie se sorg en invloed hy pal verkeer, uitgelese manne wat kwalifikasies en persoonlikheid betref.[1]

2. Sosialisering.

Die leerling bevind hom in 'n gemeenskap wat tot hegte

---

1. Wolfenden, J.F.: The English Public School (1957 year book of Education)

eenheid saamgesmee is, met sy eie eise en standaarde waar persoonlikheid steeds opvoedend op persoonlikheid inwerk. Hy verkeer in 'n samelewing „where he has to find his own feet and stand upon them; he learns that he must serve before he can have any share in the ruling; at no stage is he encouraged to think too much or too well of himself and conceit and priggishness should be purged out of him. The discipline of the common life acts powerfully upon them and they may gain that special and precious sense of spiritual enlargement that comes from the sacrifice of their freedom to the interest and service of a body greater than the sum - total of its members —in a word they are introduced to the mystery and the discipline of the corporate life, an intensified form of it."[1]

Die gemeenskapsgees help dus om lojaliteit, moed, regverdigheid en selfopoffering te kweek, terwyl die bestendige dissipline, die beklemtoning van wellewendheid en bedagsaamheid teenoor ander, gepaard met minder aangename oorblyfsels uit die verlede soos „fagging", die leerling laat besef dat hy die kwade met die goeie moet neem en dat daar nie net regte maar pligte en verpligtinge ook bestaan.[2]

Die voorgaande aspekte, hoe belangrik hulle ook al mag wees, is egter meer „verborge opvoeders", d.i. faktore in die „Public School" wat vormend op die leerlinge inwerk,[3] en daarom is hulle eintlik insidentele neweprodukte van die „Public School"-gemeenskapslewe.

Indien die gemeenskap werklik moet dien as opvoedingsinstrument, moet hy 'n bepaalde struktuur hê en daarvoor ingerig word, 'n aspek waaroor daar nou gehandel gaan word.

### 3. Struktuur, organisasie en funksionering van die gemeenskap.[4]

a) Die groot eenheid. Die bepaling van Wykeham in die grondlegging van die „Public School" dat die

---

1. Leeson, S.: The Public School Questioh, 7.
2. Gilkes, A.N.: Independent Education: In defence of Private Schools, 76.
3. Kyk bl. 6.
4. Eie siening ontwikkel uit inligting verkry uit die literatuur en deur waarneming tydens besoeke aan „Public School" in Suid-Afrika.

gemeenskap as 'n eenheid moet fungeer, geld vandag nog as 'n fundamentele kenmerk van die „Public School" en sy opvoeding, sodat hy geen ander struktuur ken nie.

In hierdie groot hegte gemeenskap wat in sy deursnit gesien word in ouderdomslae van juniors, intermediêres, seniors, jongmense en volwassenes, word allereers voorsiening gemaak vir die godsdienstige lewe, gees en atmosfeer via die kapel en kapelaan. Dan volg die skool om te sorg vir die onderwys met die oog op verstandelike ontwikkeling en toerusting ter voorbereiding vir toetrede tot die universiteit en die maatskappy, gepaard met die verwerwing van doeltreffende metodes vir studie en selfwerksaamheid, die blootlegging van die aanleg, belangstelling en vermoëns in oorleg met die voorligter en opvoeding van die hele persoonlikheid via die gebalanseerde, gedifferensieerde leerplan aangevul met buitemuurse aktiwiteite. Vir die liggaamlike welsyn word voorsiening gemaak via die behuising, voeding en verpleging wat in die sanatorium deur 'n dokter en verpleegsters behartig word.

Hierdie saamgeknede eenheid staan onder die opvoedkundige leiding, beheer, bestuur en oppergesag van die hoofonderwyser wat deur die Beheerraad benoem word, bygestaan deur die assistent-onderwysers, insluitende die kapelaan, wat weer in rangordes verdeel word, die hoofprefek en die hulpprefekte; en hierdie hiërargiese organisasie fungeer heeldag, aldag, gedurig en oral en omvat die hele inrigting in sy totaliteit met sy hele gemeenskap met al sy bedrywighede.

En dis 'n bedrywige gemeenskap. Vooraan en bo-aan staan die skool -- want die skoolwerk is en bly die eerste konsiderasie -- met sy geboue wat ryk aan geskiedenis is, sy lestye en studietye wat in sommige skole voortduur tot in die namiddag en op Saterdae, sy departemente vir moderne tale, kuns en sosiale en natuurwetenskappe in die „science block" met sy laboratoriums, sy biblioteek en leeskamers. Daar is die bui-

temuurse bedrywighede vir elke belangstelling, aanleg, smaak en keuse, sportaktiwiteite van allerlei aard, die verenigingslewe wat strek oor die verstandelike, estetiese, kulturele, sosiale, nasionale en godsdienstige velde, studie- en leeskringe, klubs, jeugbewegings en militêre eenhede, geleenthede en gereedskap vir die beoefening van stokperdjies, terreine wat moet verfraai, versorg en ontwikkel word, geboue en sportterreine wat in stand gehou moet word. Elkeen neem deel, lewer sy bydrae, ontvang leiding, word gevorm en toegerus, groei en ontwikkel, leer om te werk, te dien, te volg, te lei en te lewe.

Dit alles geskied in 'n atmosfeer van onderlinge vertroue, eensgesindheid, welwillendheid, wellewendheid, meelewendheid, begrip en doelgerigte arbeidsaamheid en sosiale korrektheid waar vryheid heers en inperkende faktore en maatreëls en onderdrukkende toesig uitgeskakel word, dog waar losbandigheid nie geduld word nie, en waar verantwoordelike gedrag, handel en wandel deur die gesonde oordeel gemeet aan die norme van 'n „Christian gentleman" geëis word. Dit alles word op sy beurt weer omsweef deur 'n dampkring ryk aan trots, tradisie en godsdiens wat bepalend is vir die persoonlikheid en sy lewens- en wêreldbeskouing gevorm in 'n organiese gemeenskap deur 'n organiese eenheidsproses.

In hierdie gemeenskap wat klein genoeg is vir hom om dit te kan verstaan, deurloef die adolessent sy rypingsjare op pad na volwassenheid, kom hy tot selfdissipline en selftug en word daar gepoog om van hom te laat word 'n afgeronde persoonlikheid, 'n volwaardige mens, 'n „Christian gentleman", deeglik voorberei vir toetrede tot die gemeenskap daarbuite.

Omdat die „Public School"-gemeenskap 'n geslote gemeenskap is, bestaan die gevaar dat dit geïsoleerd kan raak en voeling met die buitewêreld kan verloor, wat fataal vir sy opvoedingstelsel sal wees, want as dit gebeur, beland die individu op wildvreemde terrein en weet hy nóg her- nóg derwaarts wanneer hy uit die skoolgemeenskap die groter gemeenskap binnetree.

Dit is dus essensieel dat die skoolgemeenskap 'n replika sal wees van die groter gemeenskap en daarmee word rekening gehou in die organisasie. Daarbenewens word maatreëls getref vir wisselwerking sodat voeling met die buitegemeenskap behou kan word.

Om hiervoor voorsiening te maak, het die meeste skole 'n stelsel van weeklikse lesings vir hul na-matrikulante wat gelewer word deur bure, reisigers, politici, lede van die verskillende professies, oud-leerlinge, sendelinge, besoekers van oorsee, ens..

Besoeke van sportspanne, veral van die staatskole, word verwelkom en wanneer die gaste onthaal en rondgeneem word, is daar volop geleentheid om die uitkyk te verbreed deur middel van die gesprekke. Gesellige verkeer, sosiale funksies en danspartye, musiekaande, opvoerings, dabatte in samewerking met naburige meisieskole word gereël om in voeling te bly en geleentheid vir verkeer met die teenoorgestelde geslag te skep.

Uitstappies van allerlei aard in groepe en individueel word aangemoedig om afsondering teen te werk. Hulpdiens aan die buitegemeenskap by wyse van hulp met die reëling van funksies, optrede van skoolkore by kerkdienste en so vele ander middele word aangewend om isolasie te verhoed.[1]

Hoe essensieel die gemeenskapsgees ook al mag wees, en hoe noodsaaklik dit ook al mag wees dat die leerling daarin moet opgaan, mag hy nie daarin verdwyn of daarin verswelg word nie, want hy bly nog individu en as sodanig moet hy weer daaruit te voorskyn tree. Daarby het hy ook sy individuele behoeftes (liggaamlik en emosioneel) waarna omgesien moet word en om in hierdie behoeftes te voorsien, vind onderverdeling van die gemeenskapseenheid plaas.

b) <u>Die kleiner eenhede</u>.

Die grooteenheid word weer in kleiner eenhede ~~van om en by 50 leerlinge,~~ (nie groepe nie, ([illegible]), maar eenhede) van om en by 50 leerlinge verdeel in „huise" wat elk 'n

1 Snow, G.: The Public School in the New Age, 62 e.v.

afsonderlike woning betrek kompleet met studiesaal, leeskamer, was- en toiletgeriewe, slaaplokale en soms ook kombuis en eetsaal.

Na hul hiërargiese struktuur, organiese eenheid en funksionering vorm die huise replikas van die groot eenheid, die gemeenskap, met 'n „housemaster" aan die hoof, wat egter veel meer is as 'n huis- of inwonende of toesighoudende onderwyser, want hy aanvaar volle voogdyskap in die ware sin van die woord oor die leerlinge wat aan sy sorg toevertrou word. Hulle word sy „boys", sy kinders, en hy is hul huisvader en as sodanig aanvaar hy volle verantwoordelikheid vir hul geluk en welsyn en versorging na liggaam en gees, en dit is sy spesifieke taak om toe te sien dat daar voldoen word aan elk van hul basiese geestesbehoeftes sowel as aan hul behoeftes voortvloeiende uit hul ontwikkelingsfase. Die grondbeginsel is hier dat in sy huis „the child lives a kind of home life, though not a family life"[1] en dit is die taak en verantwoordelikheid van die hisvader om sy gemeenskappie te omskep in 'n huisgesin.

Hoeseer hy dan ook as voog erken word, blyk uit die feit dat daar periodiek elke twee of drie weke verslae oor elke leerling in sy huis se skolastiese vordering aan hom voorgelê word om in oorleg met sy huisonderwyser aandag te skenk aan gevalle wat dit verg. Die kwartaallikse skoolrapporte word ook eers aan hom voorgelê vir kommentaar oor die leerling se werk en lewe vir die ouer se inligting, voordat dit na die hoof gaan vir verdere afhandeling.

Die huisvader word bygestaan deur 'n „house tutor" wat huisonderwyser is in dié sin dat hy die huisvader nie net assisteer nie, maar in die besonder aandag bestee aan die leerlinge se skoolwerk, -vordering en -moeilikhede en hul skolastiese vordering en prestasies. So tree hy dan ook op as voorligter.

---

1. Welton, J. & Blandford, F.G.: Principles and methods of moral training with special reference to school discipline, 110

Na hom volg dan weer 'n hoofprefek en prefekte soos vir die inrigting, dog hul gesag is beperk tot die huislike kring.

Soos reeds vermeld, is die huis 'n selfstandige eenheid, onafhanklik van elke ander een waar die huisvader die bevel voer en sake reël soos wat dit hom en sy huis belief, mits die doel en strewe en opvoedingspatroon in ooreenstemming is met dié van die inrigting. Daar word dus ruim geleentheid aan die huisvader gebied om sy ondernemingsgees aan die dag te lê, en dit word beweer dat hierdie eenhede sulke sterk stempels op hul leerlinge afdruk dat hulle in die skoolgemeenskap daaraan uitgeken kan word. Soos wat hulle hul eie uiterlike kentekens dra, so ontwikkel hulle hul eie innerlike kernmerke, maar, en dis van essensiële en fundamentele belang, hul strewe word gerig op die einddoel van die skool. Die huise ding ook met mekaar mee op sport- en allerlei terreine en in hierdie kompetisie vind die „Public School" nog 'n opvoedingsmiddel benewens koöperasie.

Die hoof benoem die huisvader uit die personeel en hierdie benoeming is gesog, aangesien dit getuig van vertroue en aangesien hierdie verantwoordelike amp status en aansien met hom meebring, want die huisvaders is die „kabinetsministers" wat die hoofonderwyser as „eerste minister" bystaan en daarom staan hulle hoog in die personeelrangorde. Om in voogdyskap oor 'n eenheid geplaas te word in 'n „Public School", is dan ook werklik 'n onderskeidende prestasie. As 'n uitgesoekte onder 'n groep gekeurdes t.o.v. roepingsbewustheid, opvoedingsbevoegdheid en onderwysbekwaamheid, is die huisvader beslis 'n uitgelese man, asook die huisonderwyser wat 'n potensiële huisvader is in sy hoedanigheid as volwasse broer in die „huis".

Die huisvader moet getroud wees en ook sy eggenote se persoonlikheids- en ander hoedanighede word in aanmerking geneem want al beklee sy nie 'n amptelike status in die „huis" nie, moet sy as nie-amptelike moeder haar status as eggenote van 'n huisvader waardig wees en kan handhaaf. Haar stille, moederlike invloed word ook van groot belang geag en daarby is dit

bekend dat as haar hart eers oopgegaan het vir die kinders in die huis, haar deur ook sal oopgaan, waardeur die familiegees bevorder word en die grense wat opvoeder en opvoedeling kan uitmekaar hou, verdwyn. Daarbenewens is die ouerdeugde by getroudes sterker ontwikkel, is die gevaar van homoseksuele misdrywe (wat vroeër 'n groot probleem in die „Public School" was) baie minder en ook is getroudes minder geneig tot uithuisigheid.

In hierdie kleiner kring kom die individu tot sy reg en behou hy sy identiteit en intussen word hy hier in en deur die huisgemeenskap opgevoed so gereeld en ononderbroke as wat die huislike kring daartoe in staat is.

Die feit dat elke huiseenheid onder die permanente sorg en verantwoordelikheid van 'n bepaalde huisvader staan, bring mee dat daar bestendigheid in die gesagsuitoefening kom wat gedurige heraanpassing by wisselende gesagsnorme aan die kant van die leerlinge uitskakel. Daarbenewens verseker dit dat die hoof se opvoedingsinvloed gestadig en egalig deurvloei na die leerlinggemeenskap, terwyl hy baie beter in staat is tot doeltreffende beheer en kontrole, omdat dit nie vir hom nodig is om telkens eers vas te stel wie aan diens is of was nie wanneer hy dit nodig mag ag om bepaalde aangeleenthede onder die personeel se aandag te bring nie.

Nadat daar nou 'n poging aangewend is om aan te toon hoe die „Public School"-gemeenskap saamgestel en georganiseer word en hoe dit as opvoedingsinstrument fungeer, word oorgegaan tot 'n bespreking van besondere aspekte van die opvoeding aldaar soos die prefekstelsel, godsdienstige en sosiale opvoeding, sport as opvoedingsmiddel, vryetydsbesteding, nasionale opvoeding, die „almighty wall", die personeel, die invloed wat van die stelsel uitgaan, opvoeding teen vergoeding, die globale metode, om dan af te sluit met 'n saaklike kritiese beskouing.

## III DIE PREFEKSTELSEL AS MIDDEL TOT DISSIPLINERING EN OPVOEDING TOT LEIERSKAP.[1]

### 1. Histories.

Voor Arnold se tyd het die handhawing van orde en dissiplinering berus op die beginsels van straf en vrees en die toestande was soms barbaars en wreed. Lyfstraf was aan die orde van die dag. „They flogged their way through term after term with a sense of duty accomplished, flogged if a lesson were not known, flogged for inattention, flogged for bullying, flogged for vice. Often they dit not know who the boys were whom they flogged or why they flogged them."[2] Onderwysers het die leerlinge buite die skool nie geken nie en wou hulle nie sien nie; die leerlinge was verwaarloos, ondervoed en vuil. Hulle moes self sorg vir hul vermaak, ontspanning, en voorbereiding van skoolwerk en baie onheil het in hul geledere getier.[3] Die gees was beroerd: aan hul lot oorgelaat, het daar allerlei gewoontes, gebruike en „regte" onder hulle posgevat en leerlinge en onderwysers was in twee vyandige kampe verdeel, wat elkeen sy outoriteit tot die uiterste toe verdedig het.

Prefekte het daar wel bestaan, reeds sedert die tyd van Wykeham, dog langsamerhand het die ouer seuns hulself beskou as verdedigers van tradisionele seunsregte; hulle het hard gestry, selfs gerebelleer, vir die reg om hul sake self te reël volgens hul eie primitiewe konvensies en in hul stryd teen die vyand, die looiende onderwysers, het hulle lojaliteit geëis van die leerlinggemeenskap.

Die stryd is uiteindelik bygelê deur 'n kompromis: die prefekte het hul magte en regte behou, maar deur hulle in te skakel by die organisasie is hulle onder beheer geplaas en oorgelaat om hul invloed in belang van die skool te gebruik en langs hierdie weg het die prefekstelsel 'n inherente deel van die „Public School"-sisteem geword.

1. Castle, E.G.: The English 'Public' School: Character and Responsibility (1958 Year Book of Education).
2. Norwood, C.: The English Tradition of Education, 62 e.v.
3. Ibid, 64.

Toe Arnold op die toneel verskyn het, was die stelsel reeds in wording en hy het dit gekonsolideer en verder ontwikkel. Hy het op die prefekte gekonsentreer en sterk godsdienstige en etiese beginsels by hulle ingeskerp en hulle aan intensiewe vorming onderwerp om van hulle deugsames te maak wat die res van die skool kon suiwer. Hy het egter met diepgewortelde toestande te doen gehad en slegs gedeeltelik sukses behaal.

Na hom het Thring sy aandag aan die probleem geskenk. Hy het die prefekte ook soos Arnold gebruik, dog as gevolg van 'n ander betekenis wat hy aan leierskap en verantwoordelikheid geheg het, het hy „morele dreinering" in sy skool toegepas.

Hy het hom toegespits op die skepping van 'n beskaafde leefwyse onder beskawende invloed in 'n beskaafde milieu, en met die oog hierop het hy aandag geskenk aan die geboue en terrein. Verder het hy groepe van nie meer as 30 seuns onder voogdyskap van 'n getroude onderwyser geplaas, en deur onderwysers en leerlinge saam te laat deelneem aan buitemuurse bedrywighede het hy die tradisionele vyandigheid wat so lank tussen hulle bestaan het, probeer uitwis.

2. <u>Die prefekstelsel in die teenswoordige praktyk</u>.

In die „Public School" is die prefek verantwoordelik vir:

(a) handhawing, beskerming en uitbouing van die beste tradisies, gewoontes en toon van die skool;

(b) handhawing van orde in sy slaaplokaal en sy groep;

(c) beskerming van swakkeres teen bullebakkery;

(d) die bekamping van afwykende beskouings, gesindhede en houdings in die gemeenskapslewe;

(e) handhawing van orde by kerkbesoek, aantreding en verdaging na klaskamers sonder die hulp van onderwysers, en toesig by studie;

(f) versekering van 'n ordelike leefwyse in 'n gemeenskap van onrypes en verbetering van die toon van die inrigting.

Hy handhaaf sy gesag deur sy prestige as lid van 'n uit-

gesoekte kring, deur sy persoonlikheid, deur sy status as gesagsdraer en deur die toediening van straf.

Vroeër het jonger seuns hul loopbane begin as „fags", d.w.s. as persoonlike bediendes van senior leerlinge het hulle allerlei take van nederige aard vir hulle verrig in ruil vir beskerming. Hier het dus 'n baas-kneg verhouding in die kleine bestaan, gebaseer op die beginsel dat 'n leerling beter bevoeg word om te beveel deur eers te leer om te gehoorsaam. Die stelsel word tans in matiger vorm toegepas en is onderhewig aan die goedkeuring van die onderwysers.

'n Prefekraad word aangewys vir die inrigting en so ontstaan 'n hiërargie bestaande uit hoofonderwyser, onderwysers, hoofprefek, prefekte en leerlinge, wat die hele inrigting omvat. Daarbenewens word 'n prefekraad weer vir elke huis of groep benoem, dog hul verantwoordelikhede en gesag is beperk tot hul kringe.

Die kleiner kringe dien as oefenterrein vir talente wat daar openbaar word deur verantwoordelikheid te aanvaar vir netheid en sindelikheid, handhawing van huishoudelike reëls, beskerming van eiendom, meubels en toerusting e.d.m. om later met groter verantwoordelikheid beklee te word as skoolprefekte. Delegering van gesag en verantwoordelikheid aan hoof, aan onderwyser, aan hoofprefek, aan prefek ens. langs die leer af is 'n belangrike aspek van die stelsel wat aanvaar word deur ondergeskiktes as geleentheid om te toon waartoe hulle in staat is en wat beskou word as 'n toets met die oog op latere bevordering langs die leer op. 'n „Public School"-hoof het die funksie van die prefekstelsel so getipeer: „The prefects take the burden of running the school". Hierin het reëls vir die regulering van die leerlinge se gedragsuitinge wel 'n plek om orde in die gemeenskap te verseker, maar dit begin en eindig nie by die uitwendige, die meganiese gedragsreëling nie, dog wortel in die doelstelling van die skool en voer op na die bereiking van die ideaal. Van prefek en leerling word verwag om hul oordeel t.o.v. gedragsuitinge te toets

aan hul „common sense" as norm, en hul „common sense" weer aan die ideaal van die „Christian gentleman". Een skoolhoof het dan ook verklaar: „In my school there is only one rule: the rule of common sense". Langs hierdie weg, meen hulle, word die leerlinge opgevoed tot dissipline en selfdissipline, tot tug en selftug.[1]

Noue kontak word gehandhaaf tussen hoof, personeel en prefekte. Die prefekte, veral die hoofprefek, stel die hoof en die onderwysers in staat om hul vingers op die pols van die skool te hou en langs hierdie kanaal vloei baie van hoof en onderwyser se invloed na die massa deur. Samesprekings word ook gereeld gehou oor velerlei sake rakende die heil van die inrigting en die welsyn van die leerlinggemeenskap.[2]

3. Verkiesing van die prefekraad.[3]

Populêre verkiesing word nie beskou as die beste metode om die gewenste lede van so'n belangrike liggaam aan te wys nie; ook nie benoeming sonder seggenskap van die gemeenskap en uittredende prefekte nie. Verskeie prosedures wat die twee uiterste metodes versoen, is in swang, dog deurgaans kom slegs senior leerlinge in aanmerking vir die raad.

Voorbeelde van gangbare prosedures wat gevolg word by die benoeming van prefekte, is soos volg:

(a) 'n Verkiesing word gehou waar stemgeregtigde leerlinge vry is om te stem vir enige senior leerling. Met die uitgebragte stemme as leidraad benoem die personeel dan die lede in oorleg met die uittredende prefekte.

(b) 'n Lys van moontlike lede word in oorleg met die uittredende prefekte opgestel en aan die stemgeregtigde leerlinge voorgelê om uit te kies by wyse van stemming.

(c) 'n Kombinasie van die twee voriges is 'n derde prosedure wat gevolg word.

Die toekenning van stemreg verskil ook van skool tot

---

1. Inligting bekom uit persoonlike onderhoude.
2. Persoonlike ondersoek en Castle, E.B.: The English Public Schools: Character and Responsibility (1958 Year Book of Education).
3. Hierdie inligting is hoofsaaklik ingewin by die „Public

skool. Sommige skole laat alle leerlinge toe om te stem, ander slegs dié wat meer as 'n jaar in die skool is, terwyl nog ander 'n stelsel van belade stemme het: leerlinge wat minder as 'n jaar in die skool is, het 'n halwe stem elk, die senior leerlinge anderhalf stem elk en die res een elk.

Die „Public Schools" se ervaring het geleer dat alhoewel persoonlikheid, persoonlike invloed en selfvertroue belangrike faktore is, die stelsel slegs slaag wanneer dit deur die hele skoolgemeenskap (personeel en leerlinge) aanvaar word en dat 'n prefek slegs sukses kan behaal as sy gesag en status in alle erns en waarheid erken word deur die leerlinge en gehandhaaf en beskerm word deur die personeel.

Daar word dan ook veel gedoen om die status, gesag en aansien van die prefekte te handhaaf, bv. deur

(i) hulle te beskou en te behandel nie as kinders nie, maar as jongmense, as „semi-adults";

(ii) hulle alleen in 'n slaapkamer te plaas, al is dit soms slegs 'n afskorting in 'n groter slaaplokaal;

(iii) hulle toe te laat om ligte straf vir oortredings van minder ernstige aard toe te pas, dog nie lyfstraf nie;

(iv) hulle uit te nooi om by die hoof besoek af te lê, ook in geselskap van hul vriendinne;

(v) hulle toe te laat om later op te bly, later uit te bly, meer dikwels uit te gaan, e.d.m.[1]

4. <u>Opvoedkundige betekenis van die stelsel.</u>

Die leerling wie se handel en wandel onder beheer van so 'n hiërargie staan in 'n gemeenskap wat baie waarde heg aan gehoorsaamheid en die gladde verloop van sake, leer om bevele te gehoorsaam en opdragte ordelik en stiptelik uit te voer, want dan kan sake in die gemeenskap vlot. Daartoe word hy verder aangespoor deur die hoop en verwagting dat die eer hom te beurt mag val om self lid van hierdie uitgesoekte groep te word. Hy leer ook dat daar in 'n gemeenskap wette moet wees

---

1. Inligting bekom tydens onderhoude met „Public School"-hoofde.

en dat wetsgehoorsaamheid ŉ voorwaarde vir vryheid is.

Die prefek leer om gesag uit te oefen en om sy mede-leerlinge te lei en te oorreed; hy leer om verdraagsaam te wees; hy ontwikkel selfvertroue en verantwoordelikheidsbesef, want as hy misluk, laat hy sy mede-prefekte in die steek en word hulle gesag ondermyn. Hy ontwikkel ŉ begrip van beleidsbepaling en -uitvoering, hoe hy in die geheel inpas, wat sy pligte en verantwoordelikhede teenoor sy ondergeskiktes en meerderes is en wat die gevolge van swak regering is. Hy besef uiteindelik dat gesagsuitingoefening met verantwoordelikheid gepaard gaan. ~~en so word hy opgevoed tot verantwoordelik-~~ heid en leierskap.[1]

Die welslae van die stelsel, gepaard met die militêre opleiding in die kadetkorpse waarvan elke skool een het, meen die „Public Schools" te sien in die groot persentasie van die leiers op verskillende terreine, wat hul opvoeding in een of ander „Public School" geniet het. So is daar bv. in 1927 bereken dat daar toe 52 van die 56 biskoppe, 19 van die 24 dekens, 17 van die 25 appélregters, 62 van die 82 bankdirekteure, 240 van die 249 lede van die diplomatieke korps[2] en 20 van die 21 kabinetsministers[3] oud-leerlinge van „Public Schools" was. Twaalf jaar later was die posisie nog onveranderd toe 76% van hierdie poste deur oud-leerlinge van kosskole beklee was.[4]

In die afgelope jare, sedert Engeland nie meer ŉ „Empire builder" is nie, het die industrieë hul deure oopgemaak vir die „Public School"-leerlinge en het hul belangstelling in die skole dermate toegeneem dat hulle gedurende die afgelope 20 jaar meer as £3,000,000 tot die skole se beskikking gestel het vir die verbetering van hul laboratoria. Die skole het ŉ beroepsvoorligtingsdiens ingestel en ŉ „Public Schools

---

1. Wolfenden, J.F.: The Public Schools Today, 68.
2. Badger, A.B.: Public Schools and the Nation, 22.
3. Rodgers, J.: Old Public Schools of England, 6.
4. Ogilvie, V.: The English Public School, 201.

Appointments Bureau" geopen wat tans sterk finansiële steun van die nywerhede ontvang. In 1956/57 het dan ook 48.8% van die skoolverlaters op handel en industrie as loopbane besluit. Die verklaring vir die gretigheid van die handelaars en nyweraars om „Public School"-leerlinge te trek, word toegeskryf aan die feit dat die skole in hul opvoeding tot leierskap en gemeenskapsdiens, gesindhede soos selfvereenselwiging met die gemeenskap, verantwoordelikheidsbesef, vindingrykheid en die vermoë om verantwoordelikheid te aanvaar by hul leerlinge ontwikkel.[1]

## IV. GODSDIENSTIGE EN SOSIALE OPVOEDING TOT „CHRISTIAN GENTLEMEN".

Die sterk tradisionele gees en atmosfeer van die skool is godsdienstig en daar word onvermoeid deur personeel, prefekte en gemeenskap geywer om van die leerlinge „Christian gentlemen" te maak.

Die oorgrote meerderheid van die skole in godsdienstige stigtings en slegs 12 van 89 van hulle hou nie verband met een of ander Christelike denominasie nie en die godsdiens lê in die hart van hul werk as grootse inspirasie. „The work may be well done or ill done and the worship in chapel may be carefully or carelessly rendered. But the tradition is there."[2]

Die meeste van die skole beskik oor hul eie kapelle en hier lê die meeste leerlinge belydenis van die geloof af en word die sakrament van die Heilige Nagmaal aan hulle bedien. Die kapel, 'n imponerende gebou, is die hart van die skool en 'n egte „power house", terwyl die aflegging van belydenis vir kind, gemeenskap en ouers 'n groot gebeurtenis is, sodat ouers selfs uit Niassaland spesiaal na die Unie kom om die geleentheid by te woon.[3] 'n Vaste en bepaalde plek word aan Godsdiensonderrig in die leerplan toegeken en daarvan word nie afgewyk nie.

1. Snow, G.: The Public School in the Modern Age, 72 e.v.
2. Leeson, S.: The Public School Question, 4.
3. Persoonlike inligting.

Die skooldag begin met 'n diens in die kapel, gelei deur die kapelaan wat aan die personeel verbonde is (soms deur die hoof) en dikwels neem 'n prefek of senior leerling die Skriflesing waar. Die kapelaan is verder verantwoordelik vir die godsdiensonderrig in die skool en ook vir die geestelike welsyn van die leerlinge. Die skoolgemeenskap is sy gemeente en as lid van die personeel verkeer hy in die nouste kontak met sy gemeentelede.[1] „It is not mere cant to say that the life of a 'public school' centres, in a real sense, on the School Chapel, where, once a day, the whole community gathers together for the worship of God."[2]

By dit alles word deurgaans klem gelê op wellewendheid, voorbeeldige gedrag en korrektheid in sosiale verkeer. Sosiale byeenkomste in die vorm van danspartye, welwillendheidsbesoeke aan en van naburige skole, onthale ter ere van hoogwaardigheidsbekleërs e.d.m. lewer 'n belangrike oefenterrein op hierdie gebied.[3] By die „worship in the chapel" is daar dan nog die „worship of good form" en uit die paring van dié twee „worships" word die „Christian gentleman" gebore.[4]

## V. SPORT.

Die ideaal van die ridders van ouds was om liggaamlik fiks en meesters in die ruiterkuns te wees, om te presteer op toernooie, om hitte, koue en vermoeidheid sonder murmurering te verduur en soos wat die sprotaktiwiteite gedurende die eeue ontwikkel het, het die opleiding daarin verander, maar die gees van „play up and play the game"[5] het behoue gebly en toe Arnold later georganiseerde sport ingevoer het om nuttiger vryetydsbesteding vir sy leerlinge te verseker en as teenvoeter te dien vir euwels soos drinkery, bullebakkery, bakleiery en diefstal, het hy terselfdertyd karaktervorming

---

1. Vasgestel deur persoonlike navraag.
2. Wolfenden, J.F.: The English Public School. (1957 Year Book of Education).
3. Eie waarneming.
4. Rodgers, J.: Old Public Schools of England, 2.
5. Ibid, 4.

daarmee gepaar. Hierdie gedagte het verpsrei en dit het ŉ ideaal van die „Public School" geword :-

(a) dat aan ŉ spel om sy eie ontwil deelgeneem word en dat dit nie saak behoort te maak wie wen of verloor nie, solank almal hul beste lewer;

(b) dat geen ongeregverdigde voordeel ooit geput mag word nie en dat binne die raamwerk van die reëls geen genade gevra of betoon of ontvang word nie;

(c) dat die span se belange altyd voorrang geniet bo die individuele speler s'n, waar elkeen op hom staatmaak en hy op elkeen; en

(d) dat daar onder geen omstandighede vrees betoon word nie.[1]

Om kaptein, of selfs maar ŉ lid, van ŉ eerste span te wees, is ŉ eer waarna met toewyding gestreef word en wat hoë aansien met hom meebring. Daarbenewens moet elke leerling aan sport in een of ander vorm deelneem, tensy hy om gesondheidsredes nie daartoe in staat is nie.

## VI. VRYETYDSBESTEDING.

Toe Arnold te kampe gekry het met gruwelike euwels van allerlei aard in die kosskoollewe, was sy bevinding dat hulle voortgespruit het uit die feit dat die leerlinge gedurende hul vrye tyd aan hul lot oorgelaat was en daarom het hy ŉ begin gemaak met georganiseerde spele. Deur terselfdertyd hierdie bedrywighede in te span in belang van sy opvoedingsdoel het hy die rigting aangedui wat ook Thring en andere ná hom gevolg het, sodat georganiseerde vryetydsbesteding vandag ŉ inherente deel van die „Public School"-stelsel is.[1]

Die uitganspunt is dat die onrype en onervare leerling nie daartoe in staat is om sy vrye tyd so te benut dat hy die meeste voordeel en genot daaruit kan put nie, maar dat dit aan die ander kant net so onwenslik is om sy vrye tyd so in beslag te neem dat daar niks oorbly wat hy na eie keuse kan benut nie, om sodoende tot selfstandigheid te geraak ook wat

1. Norwood, C.: The English Tradition of Education, 61 e.v.

vryetydsbesteding betref.

Om by die goue middeweg te hou, word die buitemuurse bedrywighede so gereël dat daar sommige is waaraan hy verplig word om deel te neem ander waaraan hy volgens keuse moet deelneem en 'n derde groep waaraan die deelname opsioneel is.[1]

Die grondslag van die stelsel is portuurgroepvorming en bevrediging van die geldingsdrang van die individuele leerling. Die eerste groep bestaan hoofsaaklik uit sportbedrywighede soos voetbal, boks, krieket, atletiek, ens. waaraan reeds aandag geskenk is.

Ter bereiking van die doel met die tweede groep, word daar 'n groot verskeidenheid verenigings, klubs, orkeste, e.d.m. d.m. in die lewe geroep, almal met 'n opvoedkundige strekking. So verskyn daar op die lys van een van die skole die volgende: Photographic Society, Philharmonic Society, Junior Astronomical Society, Historical Society, Ten Club, Debating Society, Democritus Society, Lucretius Society, Foreign Affairs Society, Afrikaanse Debatsvereniging, Play-reading Society, Junior Philosophical Society, Choral Society.

Hierdie verenignings staan gewoonlik onder leiding van onderwysers en die datums vir hul byeenkomste word halfjaarliks vooruit beplan. Waar enigsins doenlik, hou die verenigings ook opvoerings, onderneem hulle uitstappies vir navorsingsdoeleindes, lê hulle besoeke af by museums, sterrewagte, e.d.m. of nooi hulle gassprekers uit om lesings te gee.

Die derde groep, die opsioneles, maak hoofsaaklik voorsiening vir die beoefening van stokperdjies waarvoor soms selfs lokale afgestaan en toegerus word met masjinerie en gereedskap. So is daar verneem van 'n roeiklub wat self bote bou om mee te gaan roei. Verder word voorsiening gemaak vir binnenshuise spele soos biljart, tafeltennis, e.d.m.

Gedurende hul ongeokkupeerde vrye tyd mag die leerlinge ook gebruik maak van hul ontspanningskamers -- goed gemeubi-

---

1. Wolfenden, J.F.: The Public Schools Today, 41 e.v.

leerde vertrekke waar hulle briewe mag skryf, lees, na die radio inluister, ens.[1]

Langs hierdie kanale spoel 'n magtige opvoedingstroom wat die leerlinge oorvloei en hulle deurweek t.o.v. hul liggaamlike, verstandelike, kulturele, estetiese, nasionale, sedelike en selfs godsdienstige vorming.

VII. NASIONALE OPVOEDING.

Die nasionale vorming wat deur die onderwys van Geskiedenis bewerkstellig word, word in die „Public School" verder aangevul en versterk deur aan te sluit by die sterk lojaliteit, die patriotisme,[2] wat die leerling vir sy skool ontwikkel en dit verder te voer tot vaderlandsliefde. Dit geskied o.a. deur by die kadetaktiwiteite die plig om die heiligste besittings van die vaderland te beskerm en te verdedig, in te skerp. Die patriotisme word verder nog ontwikkel deur die gedenkplate en -stene ter ere van gesneuwelde oud-leerlinge, die viering van historiese gebeurtenisse en feeste, ens.[3]

Nog 'n sterk faktor in die nasionale opvoeding is die handhawing en inkulkering van die tradisies waarin die nasionale karakter en uitkyk wortel. Langs hierdie weg slaag die meeste Suid-Afrikaanse „Public Schools" dan ook daarin om tipies Brits te bly.[4]

VIII. DIE „ALMIGHTY WALL"

Sedert Thring tot die besef gekom het dat nie net die interne organisasie nie, maar ook die invloed wat die geboue en terrein op die leerlingbevolking uitgeoefen het van die grootste belang is, word baie aandag en sorg hieraan bestee om te verseker dat die goed beplande en ewe goed versorgde en gemeubileerde geboue en terrein nie net die nodige beskawende invloed sal uitoefen nie, maar ook sal meewerk tot die skepping van die verlangde gees en atmosfeer.

---

1. Inligting tydens besoeke ingesamel.
2. Welton, J. & Blandford, F.G.: Principles and methods of moral training with special reference to school discipline, 199.
3. Persoonlike inligting. Kyk ook bl. 95: Die „almighty wall"
4. Stiglingh, F.J.: A comparative study of the Public Schools of England and the Anglican church schools in the Cape Province, 106.

Soos reeds vermeld, is die kapel die middelpunt, die hart, die „power house" van die kosskoollewe en derhalwe word dit oók so geplaas dat dit dikwels die kern van die geboue-kompleks vorm. Daarby word dit as gewyde gebou met eerbied bejeën en versorg. Die simboliese vensters en ruite, die binneversierings, die gedenkplate en -stene in die gebou ter ere van stigters, van oud-leerlinge en oud-onderwysers wat hul lewens feil gehad het vir hul land of vir 'n vriend wat in gevaar verkeer het, ens. maak 'n blywende indruk op die besoeker wat dan ook gereeld genooi word om die gebou te besigtig.

Maar ook op die terreine en in die ander geboue is daar gedenkplate aan hekke, deure, tafels, stoele, skilderye wat deur leerlinge, oud-leerlinge of ouers geskenk is; is daar gedenkstene ter ere van oud-leerlinge wat in kaffer- en ander oorloë gesneuwel het, of ter aanduiding en versiering van 'n ou put wat die skool se eerste waterbron was. Dit alles en nog baie meer daarvan dra by tot die skepping van 'n atmosfeer deurweek van tradisie, van offervaardigheid, van toegewydheid uit die verlede aan skool en kerk en die nasie, wat moet dien tot inspirasie van die huidige leerlinggeslag as manne van die toekoms.[1]

IX. DIE PERSONEEL.

Aan die personeel van die „Public School" word hoë eise gestel t.o.v. toegewydheid, volharding, uithouvermoë en dienswilligheid.

„It is still true however many times it has been said, that a school is as good as its staff. That is true, of course, of day schools as well as boarding schools. But the goodness of a boarding school differs in some ways from the goodness of a day school; and the reason for that difference is the by now familiar one that they are in contact with their pupils for a much greater part of the day and in many more con-

1. Persoonlike inligting.

texts of daily living. It is, of course, true that in the day school the man who wants to make them can make opportunities for 'out-of-school' contacts with boys. But the point is that he has to make them: the boarding school master has them thrust upon him all through the day and partway through the night. For him the distinction which produces the word 'out of school' simply does not exist. He smiles a gentle smile, either of mild pity or mild envy, when he hears discussions about 'extraneous duties'; he spends half his working life doing nothing else. It never occurs to a housemaster that there is any alternative to 'supervision of meals'. For any normal man willing to take his fair share in the activities of school community there will be, every single day of his term life, a game to referee, or a play to rehearse or an orchestra to play in. It is simply part of what he is there to do; and if he does not like that sort of thing, he had better find another job."[1]

Sy persoonlikheid, karakter en die voorbeeld wat hy in sy handel en wandel stel, is van beslissende betekenis vir die opvoeding van die „Public School"-leerling.

„In a boarding school master what he is and what he does are, quite simply, more important than what he knows. We come back to the other ancient truism that you can't get away with anything with the young. And that is why the character and the daily behaviour of the master in a boarding school are so important. The young notice a great deal -- far more than their elders do. They know how a msater treats his wife, how he takes an l.b.w. decision against himself, how often he is absent from Chapel, how many times a week his car comes in late from dances. They notice also his unobtrusive friendliness, his sincerity, his 'good works' in the neighbourhood, his appraochability, his table manners, his conversation in evening visits to the dormitories. Many of these things are noticed in a day school as well. But many of them do not arise except in a boarding school; and all of them have an

---

1. Wolfenden, J.F.: The Public Schools Today, 45 e.v.

importance there which in a day school they cannot have.

„To what extent a master's private life is the concern of his headmaster may be a debatable question in a day school. His private life (such as he has) in a boarding school is clearly a matter of genuine concern to everybody in the place. It may not be thought to be very important if a mathematics master in a day school comes home tipsy, and beats his wife every night; probably nobody knows much about it, and anyway, does it matter very much as long as he does his job properly in the day-time? In a boarding school it matters a great deal, because what he does with his evenings (and his wife) is public property -- it cannot be concealed or dissembled.......

„And that is the point. In everything he does, good or bad, selfish or unselfish, cowardly or brave, the man in a boarding school is having an effect on young lives. That is his opportunity -- and his responsibility. He may not be consciously imitated (though often he is, not merely by joke, but quite seriously) but all the time his habits, his actions, his very use of words, are being unconciously assimilated and reproduced. A cynical remark in a dormitory, a party-political aside at a meal-time, a casual comment about the use of a tooth-brush, an appreciative mention of yesterday's sermon -- all these are absorbed and become part of the lives of all those who hear them. This is not to say that they are always accepted: there may be reaction from the words and opinions of pastors and masters as well as acceptance and imitation of them"[1]

In die „Public School" word die hoofonderwyser benoem deur die beheerraad, dog ongelukkig is dit nie bekend welke kwalifikasies van hom verlang word nie. Wat egter wel bekend is, is dat hy deeglik vertroud moet wees met die stelsel en uit die aard van die saak sal hy streng gekeur word uit sterk aanspraakmakers. Een hoof is bv. reeds 37 jaar lank verbonde aan sy skool: 21 jaar lank as assistent ~~en 16 jaar lank as~~

1. Wolfenden, J.F.: The Public Schools Tod.y, 47 e.v.

assistent en 16 jaar as hoof en dit verg nie veel verbeeldingskrag om te besef dat hy onder moes begin en stadig maar seker na die boonste sport moes vorder en in die proses sy spore moes verdien het nie.

Die beheerraad benoem egter slegs die hoofonderwyser; die assistent-onderwysers word deur hóm benoem en die vereistes wat gestel word is, soos verwag kan word, na wat hierbo verneem is, besonder hoog. ʼn Hoof van een van die skole het as vereistes genoem in volgorde van belangrikheid: eerstens, roepingsbewustheid, godsvrug en karaktervastheid; tweedens, toegewydheid, hulpvaardigheid, dienswilligheid; derdens, vakkundige bevoegdheid (professioneel en akademies) ook i.v.m. buitemuurse bedrywighede. Die derde groep word nie gering geag nie en hoë vereistes word ook daar gestel, maar dis vir hom nie die belangrikste oorweging by die benoeming van ʼn onderwyser nie.

Wat administratiewe aangeleenthede betref, dien vermeld te word dat hierdie skole, soos verwag kan word, hul „administrative blocks" het met ʼn bekwame personeel om die administrasie te behartig. Veral moet die „bursar" hier genoem word. Hy dra die beurs en is gewoonlik ʼn afgetrede amptenaar met ʼn grondige kennis van finansies en besigheidsmetodes. Hy dra ʼn groot verantwoordelikheid, want nie alleen moet hy die geldsake verantwoord nie, maar hy moet ook die finansies beheer en toesien dat noodsaaklike uitbreidings kan geskied. Daarteenoor moet hy spaarsaam wees en in staat wees om uitgawes te besnoei en te bestry sonder om frustrasie by die personeel te skep.

Dat die doeltreffende administratiewe personeel die hoofonderwyser se laste in so ʼn mate verlig dat hy sy aandag onverdeeld aan sy taak as hoof van ʼn opvoedkundige inrigting kan skenk, val te begrype.[1]

---

1. Snow, G.: The Public School in the Modern Age, 109; eie ondersoek.

# X. BINNE- EN BUITELANDSE INVLOED VAN DIE STELSEL.

Die „Public School"-stelsel het groot invloed uitgeoefen op die sekondêre onderwys van Engeland sodat dit nie slegs sy toepassing vind in die staatskole nie,[1] maar dat daar tans ook gepoog word om die skole te beweeg om hul deure vir alle leerlinge oop te maak,[2] aangesien dit beskou word as „the most desirable form of education the country offers".[3]

Twee oppervlakkige redes word soms genoem vir die gewildheid van hierdie stelsel:

Die eerste is van sosiale aard. Sedert geslagte gelede is dit tradisie dat die adel hul kinders na „Public Schools" stuur en nou mag dit wees dat ouers glo dat hul kinders via hierdie skole in die hoër sosiale kringe opgeneem sal word.

Die tweede is van ekonomiese aard. Die ouer sou dan meen dat opvoeding in 'n „Public School" aan sy seun 'n beter betrekking sal besorg, gesien die feit dat so baie sleutelposte in die openbare lewe deur oud-leerlinge van die „Public Schools" beklee word.[4]

Dat sulke snobistiese en ambisieuse ouers bestaan, sal wel waar wees, want „so long as there is some prospect of moving upwards, we apparently like hierarchical arrangements and are damned if we want equality with those below us"[5], dog hulle vorm die minderheid.[6]

Die eintlike rede lê veel dieper en moet in die eerste plek eerder gesoek word in die feit dat hierdie „characteristically casual and unregulated peculiarly English growth of centuries"[7] saam mét en ín die nasie gegroei het, want „the history of the Public School is part and parcel of the general history of England"[8] en langs daardie weg deel van die

---

1. Ogilvie, V.: The English Public Schools, 217.
2. Kyk bl. 83.
3. Ogilvie, V.: Op. cit., 198.
4. Kyk bl. 125.
5. Ogilvie, V.: Op. cit., 217.
6. Castle, E.B.: The Public Schools: Character and Responsibility. (1957 Year Book of Education).
7. Leeson, S.: The Public School Question, 6.
8. Ogilvie, V.: Op cit., 11.

Engelse volksbesit te word blykens die feit dat „education reflects the social life of a people and ours faithfully reflects on strivings and ambitions."[1]

In die tweede plek is die stelsel wat sy ontstaan te danke gehad het aan die begeerte om onderwys gratis te verskaf aan behoeftiges, deur die rykes en vermoëndes ingepalm om hul kinders op te voed vir die leefwyse en lewensuitkyk van „Christian gentlemen" waardeur dit ingeweef is in die hoër stand van die Engelse sosiale struktuur, van wie ook die meeste invloed uitgaan.[2]

Die invloed van die sisteem is egter nie net tot Engeland beperk nie, dog ook in ander lede van die Gemenebes en in die Verenigde State van Amerika is ulke skole gestig. Daarbenewens het dit ook in Europa bekendheid verwerf, hoofsaaklik deur vertalings van boeke soos „Tom Brown's School Days" wat aanleiding daartoe gegee het dat Duitsland bv. tydens Hitler se bewind die stelsel in sekere uitgesoekte skole toegepas het om toekomstige leiers te vorm.[3]

Soos reeds vermeld[4], het die stelsel ook sy verskyning in Suid-Afrika gemaak in die vorm van Engelse kerkstigtings waarvan etlikes geaffilieer is by die „Headmaster's Conference" en dus as tipiese „Public Schools" beskou moet word wat die Britse leefwyse en lewensuitkyk handhaaf. Minstens een van hierdie skole is egter reeds op 'n Suid-Afrikaanse uitkyk ingestel met die vorming van „Christian South African gentlemen" as doelstelling. Hierdie strewe word dan ook weerspieël deur die inskripsie op die hoeksteen van 'n onlangse aanbouing: „Ons vir jou, Suid-Afrika".[5]

Die invloed in Suid-Afrika strek egter verder; in hoeveel skole, hoër en laer, Afrikaans en Engels, word die leer-

---

1. Ogilvie, V.: The English Public Schools, 217.
2. Ibid, 195.
3. Ibid, 1.
4. Kyk bl.8.
5. Persoonlike ondersoek.

linge nie reeds in spanne of „huise" verdeel met die oog op onderlinge kompetisie op die gebied van atletiek e.d.m. nie? En wat van die verskillende onderwysdepartemente se koshuisstelsels?

## XI. OPVOEDING TEEN VERGOEDING.

Die gevolge van die vergunning in die oorspronklike bepalings van Winchester om 10 seuns van „noble and influential persons" tot die inrigting toe te laat,[1] het nie agterweë gebly nie, want „the concession whereby affluent men might buy for their sons the benefits provided free for poorer boys was pregnant with consequences"[2] en van die begin af het gesiene persone van die toegewing gebruik gemaak.[3] As gevolg van daling in die waarde van geld het die onderwysers se soldy ontoereikend geword en het hulle daartoe oorgegaan om meer as die vasgestelde getal betalende leerlinge toe te laat om langs daardie weg hul inkomste aan te vul. So was daar slegs enkele jare na Wykeham se dood reeds tussen 80 en 100 van hierdie leerlinge in Winchester. Hierdie proses het voortgeduur en uiteindelik was daar slegs betalende leerlinge -- nie net in Winchester nie, maar in al die „Public Schools" -- en daarmee was die stigters se goeie bedoelings ook daarmee heen en het die skole nou 'n ander funksie vervul, nl. opvoeding van die kinders van die welgesteldes.[4]

Tans bied die „Public Schools" hul opvoeding nog „te koop" aan en hulle „verkoop" dit duur. In 1956 het die jaarlikse skoolgeld by verskillende skole gewissel tussen £246 en £400 per jaar vir inwonende leerlinge en van £120 tot £200 vir uitwonendes.[5] Nogtans ontbreek dit nie aan „kopers" nie blykens die feit dat die aanvraag die aanbod ver oorskry[6]. Waar die leerlinge vroeër egter hoofsaaklik uit die adel- en

1. Kyk bl. 88.
2. Ogilvie, V.: The English Public School, 30.
3. Ibid, 25.
4. Ibid, 30 e.v.
5. Ibid, 212.
6. Ibid, 213.

hoër stand gekom het, het die demokratiseringsproses gedurende die afgelope jare al in so ŉ mate gevorder dat Snow kan verklaar: „All society, from the duke's son to the shopkeeper's boy is found there. Only the wage earner is normally excluded, because he cannot pay the fees -- though even his son is sent occasionally by an enlightened local authority, and then he too takes his place quite naturally along with the rest. All enter on terms of absolute equality, and live on equal terms all through their time at school -- the only factor that produces inequality being personal ability and achievement. The Public School, in fact, is the perfectly 'socialised' society, where all opportunity is -- in actual practice and not just in theory -- absolutely equal."[1]

XII. <u>DIE OPVOEDINGSMETODE IN DIE „PUBLIC SCHOOL"</u>.

As eerste en belangrikste opvoedingsmiddel moet genoem word die skooltoon want, soos reeds meermale vermeld, wentel die opvoeding in die „Public School" daarom en dit word van soveel belang geag dat dit ŉ stelreël is dat „in boarding schools the ethos is the most fundamental element".[2] en derhalwe „from an educative point of view the tone of a school is more important than its teaching."[3] Alles wat moontlik is, word dan ook in die werk gestel om die skooltoon suiwer en in ooreenstemming met die doelstelling te hou en dit dan as opvoedingsinstrument aan te wend.

Die tradisionele metodes van voorligting en teregwysing speel ŉ belangrike rol in die opvoeding, meer by die juniors en al minder na die boonste lae toe, en word veral in die huise en in die kapel aangewend. Ook aan die onmiskenbare mag van die voorbeeld word baie waarde geheg en hulle glo dat „the teacher, recognising that example is more powerful than precept, should see to it that it is also better."[4] Ook die

1. Snow, G.: The Public School in the New Age, 19.
2. Welton, J. & Blandford, F.G.: Principles and methods of moral training with special reference to school dissipline, 189.
3. Ibid, 10.
4. Ibid, 176.

prefekte dra hul deel by en veral in die gemeenskapslewe neem hulle die leeue-aandeel met die minimum van inmenging deur die onderwysers.

Gesindhede onder die leerlinggemeenskap word benut. So word ouerverering langs die weg van die oud-leerlingskap van die vader aangewend om die geredelike inlywing van die leerling in die gemeenskap te verseker.[1] en sy bedrae tot die algemene heil te erlang. Ook die neiging tot portuurgroepvorming word gebruik om die skooltoon te verstewig, veral d.m.v. die volgende weë en middele.

a). Eenvormige kleredrag met kenmerkende hoede, dasse en kentekens.

b). Gewoontes en tradisies wat eie is aan die skool.

c). ŉ Eie terminologie, idiome, segs- en spreekwyses met soms ŉ werklik omvattende woordeskat die aanleer waarvan maklik enkele weke kan duur. (Hierdie middel word so belangrik geag dat die jonger skole eintlik daartoe oorgaan om ŉ eie esoteriese terminologie op te bou en taboes, voorregte en verpligtings kunsmatig te skep).

d). Romantiese skoolliedere en tradisionele krete.

Alles saam word aangewend om by die leerlinggemeenskap ŉ sin vir en trots op die gemeenskapslewe te ontwikkel, die toon te verstewig, kinderlike binding aan die skool te bewerkstellig en dit dan aan te wend om die leerling te vorm en op te voed.

Hierdie binding is dan ook so sterk dat dit soms lewenslank duur sodat sommige oud-leerlinge nadat hulle afgetree het naby die skool gaan woon sodat hulle die krieket- en voetbalwedstryde en die dienste in die kapel kan bywoon. Die binding kom ook tot uiting in die oud-leerlingverenigings[2] wat veel vir die skole beteken en gedurig hul bydraes lewer in die vorm van pryse, beurse, pawiljoene, swembaddens, aanbou-

1. Kyk bl. 105.
2. Een „Public School" hier te lande se oud-leerlingvereniging het takke oral in Suid-Afrika en ook in Rhodesië, Groot Brit-

ings, orrels, ens. ens.[1]

Uitgaande van die standpunt dat dit sy eerste taak is om op te voed, spits die „Public School" hom dan toe op die vorming van die hele persoonlikheid -- liggaamlik, verstandelik, sosiaal, esteties, kultureel, nasionaal, sedelik en godsdienstig --, met al die middele tot sy beskikking -- die skool, met sy leerplan, die geboue en terreine, [illegible], die bestendige milieu, die kapel, die huise, die prefekstelsel, onderwyserverering en portuurgroepvorming, die sport- en kadetaktiwiteite, die verenigings en klubs en vrye tyd, voorligting, teregwysing, die mag van die voorbeeld en normstelling --, deur dit alles saam te bind in die skooltoon wat gesmee word in 'n godsdienstige atmosfeer waarvan dit deurweek raak, en dít dan aan te wend ter bereiking van die einddoel van sy opvoeding, nl. vorming van „Christian gentlemen".

En in hierdie organiese proses word geen dualisme hoegenaamd wat die opvoeding kan skaad, geduld nie, maar word daar steeds na gestreef om die eenheidsbeginsel in die opvoedingspraktyk te handhaaf sodat Bavinck se verwysing na die huislike opvoeding hier ook van toepassing mag wees: „Het is er alles nog een als de bloem in de knop".[2]

## J. KRITIESE BESKOUING.

### I. Die praktiese.

Na alles wat hier geboekstaaf is, kan Snow se siening van die „Public School"[3] seker met vrymoedigheid onderskryf word:

„Because of their character as residential schools, their influence on their members is stronger and more lasting than that of a day school can ever be, and consequently they are bound to be a powerful force in the shaping of the new gene-

1. Ogilvie, V.: The English Public School, 181 e.v.
2. Kyk bl. 47.
3. Snow, G.: The Public School in the New Age, 141.

ration: their members have the priceless experience of living in a permanent community, where each finds his own place in its life and can find endless scope for the exercise and development of his abilities in whatever direction is appropriate.

„Because of their traditions of self-reliance and responsibility, every member has the opportunity of developing his aptitude for genuine leadership in the community to the very full.

„Because of the religious setting of their lives, they are the potential source of a continuous stream of right-thinking young men into the heart of the national life, with an effective belief in God and a true devotion of well-being of their fellowmen.

„A wise nation will see to it that these things are preserved."

Instemming kan ook betuig word waar hy sê: „The Public Schools have, by their traditions and their history, developed along lines which make them a unique institution in the whole educational world".[1] Wat Snow egter nie sê nie (en wat van belang is), is dat ŉ eeuelange proefneming om ŉ mensgemaakte instelling te ontwikkel, uitgeloop het op ŉ instelling wat in wese, struktuur en organisasie ŉ replika is van die natuurlike, Godgegewe instelling, nl. die huisgesin.

Voorsiening word gemaak vir die basiese behoeftes vir gesonde groei en ontwikkeling van die liggaam en van die gees. Die ouers is daar (selfs die moeder, al is dit dan maar nie-amptelik), die kinders is daar al is dit ook „aangenome"kinders, en die hiërargie van die jongste kind af langs die ry op tot die vader as gesagsdraer is daar. Die binding tot hegte eenheid van sin en wil en strewe, die eiesoortige karakter en stempel, die godsdienstige gees en lewe, die welwillendheid en vertroue, geduld en verdraagsaamheid bestaan en die voortdurende opvoeding in sy organiese eenheidsproses ter vorming, voorbereiding, toerusting, opvoeding van die hele persoonlik-

1. Snow, G.: The Public School in the New Age. 141.

heid in ooreenstemming met die lewens- en wêreldbeskouing word gehandhaaf. Soos die huisgesin is dit gesteld op sy selfstandigheid en onafhanklikheid en al word dit nie soos die huisgesin betrek in die kerklike en maatskaplike lewe daarbuite nie, omdat dit sy eie het, probeer dit tog voeling hou daarmee. Dit is 'n surrogaat, dog as opvoedingsinstelling staan dit in een opsig nader aan die natuurlike: die onderwys en die opvoeding word in sy geheel behartig binne eie kring soos wat dit eertyds in die huisgesin was.

Meer ooreenkomste kan genoem word, dog ook verskille is daar: in sy omvang is hy veel groter as 'n groot huisgesin, die bande van bloed en liefde ontbreek, die kinders bestaan uitsluitlik uit seuns, e.s.m.; dog die finale gevolgtrekking waartoe die navorser kom, is dat hierdie proefneming langs pragmatiese weg weer by 'n huisgesin as die beste opvoedingsinstelling geëindig het. Waar die huisgesin 'n gemeenskap in die klein is, is die „Public School"-gemeenskap 'n huisgesin in die groot, maar -- waar die huisgesin 'n „gave Gods"[1] is, is die „Public School" 'n „maaksel van menschenhanden."[2]

As gevolg van die onverbiddelike handhawing van die tradisionele onafhanklikheid bly dit egter 'n skool vir gegoedes en sal dit nog lank duur voordat demokratisering bewerkstellig is, maar dan gaan die „Public School" immers van die standpunt uit dat sy onderwys nie vir almal bedoel is nie, omdat dit 'n spesiale tipe onderwys is en „this should be available for those who want it, and to those who need it in so far they can profit from it".[3]

Uit Suid-Afrikaanse oogpunt beskou, is dit egter jammer dat die skole hier te lande die tradisionele Britse uitkyk so sterk handhaaf. Al word besef dat die tradisie 'n groot en belangrike rol in hul opvoeding speel, moet tog in gedagte gehou word dat die nasionale eenwording van die twee blanke be-

---

1. Kyk bl.45.
2. Idem.
3. Snow, G.: The Public School in the New Age, 141.

volkingsgroepe gestrem word, gesien die politieke en ander leiers wat onder hul oud-leerlinge tel. Deur 'n Suid-Afrikaanse patriotisme te kweek, kan hulle in hierdie verband 'n positiewe bydrae lewer.

Op dié leerplanne en leergange word nie hier ingegaan nie, omdat dit nie ter sake vir die doel van hierdie werk geag word nie, dog die algemene benadering van die adolessent as jongmens, die aanpassing van die opvoedingsmetode by die behoeftes van sy ontwikkelingsfase, en die aankweking van selfstandige studie- en werkmetodes en van verantwoordelikheidsin, die intensiewe voorbereiding vir maatskaplike aan- en inpassing val sterk aan te pryse.

## II. Die prinsipiële.

### 1. Die eenheidsvereiste in die opvoeding.

Waar dit die „Public School" se strewe is om die persoonlikheid in sy totaliteit op te voed deur 'n organiese opvoedingsproses wat via die opvoedingselemente konvergeer by die sedelik-godsdienstige, is die uitgangspunt korrek en die opvoeding suiwer.

### 2. Huis en skool.

Die instelling het nie uit nood tot hulp van die ouers te voorskyn getree nie, dog is uit eie beweging in die lewe geroep om sy dienste teen vergoeding tot beskikking van die ouers te stel en wanneer die ouer van die diens gebruik maak, doen hy dit uit eie beweging en daarby bepaal hy ook nie die gees en rigting van die skool nie.

In soverre die ouer tog sonder die hulp van 'n skool nie sy kind kan opvoed nie en hom dus moet „laat opvoed" en die geldelike laste daarvan moet dra, is dit heeltemal reg indien hy die kind plaas in 'n skool waar die gees en rigting in ooreenstemming is met sy lewens- en wêreldbeskouing, want al bepaal hy nie die gees en rigting van die skool nie, sien hy tog toe dat sy kind dienooreenkomstig opgevoed word deur die skool daarvolgens te kies.

Waar wel 'n vraagteken by geplaas kan word, is of dit in orde is dat die ouer sy hele opvoedingstaak aan die skool oordra, soos wat in die „Public School" gebeur wanneer die kind daar inwoon. In hierdie verband laat die doopbelofte tog die opening vir die ouer om die kind te „laat opvoed" en indien dit in die beste belang van die kind se opvoeding is en indien die ouer daarvan oortuig is dat sy doopbelofte geensins verkrag sal word nie, handel hy m.i. net so korrek as 'n ouer wat sy kind op eie koste na 'n universiteit stuur, want al geskied universitêre opleiding op 'n ander vlak, bly die beginsel dieselfde. En terwyl „Public School"-opvoeding spesifiek ingestel is op die sekondêre vlak waar die leerling besig is om los te kom uit die huisgesin, mag die ouer besluit dat dit vanaf daardie ontwikkelingsfase in die beste belang van die kind is om sy (die ouer se) hele opvoedingstaak aan die skool oor te dra.

3. <u>Kerk en skool</u>.

Die kerk het nie seggenskap in die skool nie, maar hou tog toesig oor die gees en rigting, altans in Suid-Afrika waar hierdie skole kerkstigtings is, wat ook oor die algemeen in Engeland geld. Ook het die skole 'n stelsel waarvolgens elkeen 'n „Visitor" benoem, d.i. 'n predikant wat seggenskap kry oor die godsdienstige lewe in die skool. Alhoewel dit meer 'n tradisie is, aangesien die hoofonderwyser verantwoordelik is vir die godsdienstige lewe in die skool, sal die „Visitor" tog ingryp waar dit nie na behore daaraan toe gaan nie.[1]

4. <u>Staat en skool</u>.

Dat die staat nie tot die oprigting, onderhoud en instandhouding van die skole bydra nie, strek tot eer van ouers en skole, want solank die opvoeding sonder staatshulp geskied, word die ideale toestand gehandhaaf, aangesien die staat slegs verantwoordelik is om hulpdiens te lewer wanneer die ouers dit nie kan bybring nie en dit doen hy, ook in Engeland,

---

1. Stiglingh, F.J.: A comparative study of the Public Schools of England and the Anglican Church Schools in the Cape Province, 116.

deur staatskole te voorsien. Ouers word tog nie verplig om hul kinders na „Public Schools" te stuur nie.

Dit blyk nie of die staat die besliste reg besit om toesig oor die peil van onderwys in die „Public Schools" uit te oefen nie, maar die meeste van die skole neem tog genoeë met inspeksie deur die „Board of Education".[1] Daarby beweer Snow dat Haar Majesteit se Inspekteurs in Engeland grondige eerstehandse kennis van hierdie skole dra,[2] waaruit afgelei word dat daar wel toesig is, al is dit dan indirek.

## III. Betekenis van die „Public School" vir die kosskool.

Indien daar nou lering geput moet word uit die eeuelange ervaring van die „Public School" t.o.v. kosskoolopvoeding in die algemeen, verdien die volgende aspekte besondere aandag ook, en veral, by die verdere behandeling van die probleem:

1. die voortdurende, organiese eenheidsproses in die opvoeding met die daarmee gepaardgaande integrasie van koshuis- en skoolopvoeding tot 'n organiese eenheid onder sentrale beheer, bestuur en gesag van die hoof, saamsnoering van die gemeenskap tot hegte eenheid via die skooltoon, onderverdeling van die gemeenskap in huise as kleiner eenhede, struktuur, organisasie en funksionering van die groot eenheid en die huise as surrogaathuisgesinne, eenheidstrewe t.o.v. bereiking van die doelstelling, en bekamping van alle dualismes;

2. die prefekstelsel;

3. die beperking van reëls tot 'n minimum, uitskakeling van onderdrukkende en knellende maatreëls, faktore en toesig, vermyding van regimentering en roetinering waar enigsins moontlik;

4. Die ontwikkeling van die verantwoordelikheidsin en inskerping van die noodsaaklikheid om die gedragsuitings met die gesonde oordeel te toets aan gedragsnorme om die leerling te bring tot selfdissipline en selftug;

---

1. Stiglingh, F.H.: A comparative study of the Public Schools of England and the Anglican Church Schools in the Cape Province, 116.
2. Snow, G.: The Public School in the New Age, 141.

5. die rekening wat gehou word met die basiese geestesbehoeftes sowel as die besondere behoeftes van die adolessent en die optrede teenoor hom as jongmens;

6. die skepping van 'n gees van onderlinge vertroue en welwillendheid tussen personeel en leerlinge;

7. die intensiewe opvoeding in alle lewensverbande, maar meer in die besonder die sosiale, nsionale en sedelik-godsdienstige in ooreenstemming met die lewens- en wêreldbeskouing;

8. die aanwending van buitemuurse aktiwiteite ter bevordering van onderwys en opvoeding;

9. die skooltoon en godsdienstige atmosfeer;

10. die siening van die skoolgemeenskap as 'n adolessente portuurgroep waarin die adolessent welkom is en hy aanvaar word soos hy is, terwyl sy eienaardighede as natuurlik beskou word, waardeur sy stryd om hierdie moeilike fase te deurleef vir hom vergemaklik word;

11. die onderwysmetode wat daarop ingestel is om die verantwoordelikheidsin van die leerling te ontwikkel en by hom gesonde gewoontes en metodes van selfstandige studie en selfwerksaamheid te kweek deur 'n stelsel wat tussen die gewone skool en die universiteit staan;

12. die rol wat die eggenote van die huisvader speel in die skepping van die huislike atmosfeer sowel as die gebruik wat gemaak word van haar stille, moederlike invloed in die huiseenheid.

Nadat 'n poging nou aangewend is om te bepaal wat 'n „Public School" is, wat sy funksie is en hoe hy te werk gaan om dit te verrig, moet oorgegaan word tot die Transvaalse benadering van die probleem van die opvoeding van 'n kind wat nie die skool uit sy ouerhuis kan besoek nie, om daarna in breë trekke ook die ander onderwysdepartemente se siening na te gaan.

K. SAMEVATTING.

Die „Public School"-opvoedingsisteem het sy ontstaan in Engeland gehad, waar William of Wykeham in 1382 'n skool gestig het om leerlinge uit die arm deel van die bevolking vir universiteitsopleiding voor te berei, aangesien daar 'n tekort aan geestelikes was.

Die doel was veral om sedelik-godsdienstig op te voed en voorsiening is gemaak vir inwonende leerlinge, terwyl daar ook bepaal is dat ouer leerlinge die jongeres moes help, dat die skoolgeleentheid tot 'n hegte eenheid moes gebind word deur die strewe na verwesenliking van die doestelling en dat 10 seuns van invloedryke persone teen vergoeding tot die skool toegelaat kon word.

Hierdie skool het as model gedien vir ander soortgelyke onafhanklike stigtings wat later gevolg het en uit die oorspronklike bepalings het die „Public School" soos wat hy vandag fungeer, ontwikkel.

Onder druk van ekonomiese omstandighede is langsamerhand meer betalende leerlinge toegelaat, wat daarop uitgeloop het dat die skole deur die hoër stand toegeëien is vir die opvoeding van hul kinders.

Die doelstelling het geleidelik ontwikkel tot die vorming van „Christian gentlemen". Die hulp wat ouer leerlinge aan die jongeres moes verleen, het ontwikkel tot die prefekstelsel wat 'n inherente onderdeel is van die hiërargiese organisasie van die „Public School" en 'n groot rol speel in die opvoeding van die leerlinge in die algemeen en die sedelike vorming en opvoeding tot leierskap in die besonder. So ook het die bepaling insake die hegte gemeenskap daartoe ontwikkel dat die „Public School" eers tot 'n groot soliede eenheid saamgebind word om dan weer onderverdeel te word in kleiner eenhede.

Die kleiner eenhede is onafhanklik van mekaar, dog elkeen, saamgehuisves onder 'n voog wat bygestaan word deur 'n huisonderwyser en prefekte, spits hom toe op verwesenliking

van die opvoedingsdoel en langs hierdie weg word die huise weer in hul strewe saamgesnoer in die groot eenheid. Geen dualisme word in hierdie opsig geduld nie.

Op onderwysgebied was die vooruitgang stadig en moeisaam, dog tans word moderne leerplanne en metodes gevolg.

Leiers in die wordingsgeskiedenis was o.a. dr. Thomas Arnold van Rugby, Edward Thring van Uppingham en S.W. Sanderson van Oundle.

Aan die personeel word hoë vereistes betreffende roepingsbewustheid, godsvrug, toegewydheid en onderwysbevoegdheid gestel.

Die kapel speel 'n groot rol in die opvoeding en vorm die hart van die inrigting. 'n Godsdienstige atmosfeer heers in hierdie skole en alle moontlike middele word aangewend om die doelstelling te verwesenlik -- die onderwys, die prefekstelsel, die sportbedrywighede en jeugbewegings, verenigings en klubs, byeenkomste, uitstappies, vryetydsbesteding en selfs die geboue en terrein --, dog die opvoedingsproses is 'n organiese eenheid, toegespits op die opvoeding van die hele persoonlikheid.

Die „Public School" neem die opvoedingstaak in sy geheel in so 'n mate van die ouer oor dat dit feitlik die kind ook oorneem en voed hom dan op in 'n gemeenskap waar spesiale voorsiening gemaak word vir die funksies van die huisgesin: liggaamlike en geestelike versorging, voeding, verpleging, bevrediging van die primêre drange en, les bes, opvoeding in sy totaliteit, terwyl ook rekening gehou word met die besondere behoeftes van die adolessent.

Die toetrede van die kind tot die „Public School" stel sulke hoë eise aan hom en word van soveel belang geag dat daar spesiale voorbereidende skole in die lewe geroep word om hom van jongs af vir die opvoedingsmetode voor te berei, en ná sy toetrede word met sorg toegesien dat hy aanpas.

Engeland beskou die stelsel as sy grootste bydrae tot die opvoedkunde en beoog sedert 1944 om dit by die staatstelsel in te skakel. Sulke skole is ook buite Engeland gestig,

in die Gemenebes, in die Verenigde State van Amerika en selfs Duitsland het 'n proefneming daarmee gedoen. Ook in Suid-Afrika is etlike Engelse kerkstigtings wat tipiese „Public Schools" is.